
UNIVERSITY OF JOHANNESBURG


# EENHEID 1

## BIEP-BIEB . . .
**Ons elektroniese era!**

**AKTIWITEIT 1: Lees, kyk, praat en skryf. [LU1; LU2; LU3]**









Ons gaan in hierdie aktiwiteit

- begriplees
- vluglees vir hoof- en ondersteunende gedagtes
- tekste soeklees vir inligting
- aandagtig lees vir begrip
- hoofgedagtes, asook ondersteunende gedagtes identifiseer
- begripsvrae beantwoord
- ‘n woordblok gebruik wat die betekenis van woorde verduidelik
- ‘n opsomming maak


**A. Belangrike leesvaardighede.**

- **<u>VLUG</u>LEES: Lees die teks <u>vlugtig</u> deur om te bepaal waaroor die teks gaan.**
- **<u>SOEK</u>LEES: <u>Soek</u> spesifieke inligting sonder om die teks in besonder deur te lees.**
- **<u>BEGRIP</u>LEES: Lees met die doel om te <u>begryp</u> wat jy lees.**
- **<u>AANDAGTIG</u> LEES: Lees die teks met <u>aandag</u> om die inhoud te verstaan en om inligting weer te gee.**

**B. Wenke in verband met die lees en doen van begripslees.**



- Die titel is baie belangrik, want dit gee jou ‘n idee van die inhoud.
- Lees die eerste paragraaf aandagtig deur.
- Lees dan die eerste sin van elke paragraaf.
- Lees nou die laaste paragraaf.
- Jy behoort nou te weet waaroor die leesstuk handel.






- Lees die vrae nou aandagtig deur sodat jy weet waarna jy moet oplet.
- Onderstreep die woorde of frases wat jy nie verstaan nie.
- Die vrae is gewoonlik in chronologiese volgorde gestel.
- Onderstreep sleutelwoorde wat jou dalk kan lei om die antwoorde te vind.
- Beantwoord nou die vrae.

**C. Watter tipe vrae kan jy in begriplees verwag?**


1. **Direkte vrae: Waar, wie, wanneer en hoe?**
2. **Vrae wat gevolge of redes aandui: Waarom of hoekom?**
3. **Vrae waar EENWOORD-antwoorde verwag word. Onthou, skryf net EEN woord!**
4. **Soms is daar vrae waar jy EEN, TWEE, DRIE, VIER, ens. woorde moet aanhaal. Moenie meer aanhaal as wat gevra word nie!**
5. **Onthou OPEENVOLGENDE woorde is gewoonlik 'n frase, die woorde volg op mekaar!**
6. **AFSONDERLIKE woorde kan enige woorde wees.**
7. **As jy AANHALINGS moet gee, is dit nie jou eie woorde nie!**
8. **VOLSIN-antwoorde: Die punte is gewoonlik 'n aanduiding van hoeveel feite jy moet gee.**
9. **MEERKEUSIGE-vrae. Maak seker dat jy alle moontlikhede oorweeg!**
10. **WAAR of ONWAAR, JA of NEE of stem jy saam. Onthou om jou antwoord te motiveer soos wat gevra word. Soms word 'n aanhaling gevra en soms jou eie woorde.**
11. **Onthou as jy 'n FRASE moet aanhaal, is dit net 'n deel van die sin!**

**1.**



**Vluglees vir hoof- en ondersteunende gedagtes.**


**METODIEK:**



1. Jy gaan in hierdie aktiwiteit aan groepwerk deelneem om die inhoud van die teks te ontleed. Elke groep konsentreer op een paragraaf, afhangende van die aantal groepe.
2. Jy gaan van bronne soos 'n woordeboek gebruik maak.
3. Jy gaan 'n ander groeplid se bydrae tydens groepbespreking evalueer volgens die assesseringstabel aan die einde van die aktiwiteit.
4. Elke groep kry 'n werkvel met kolomme wat ingevul moet word.
5. Elke groep vluglees hulle paragraaf om die hoofgedagte te kry.


UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

6. Maak aantekeninge terwyl jy lees en skryf nou die hoofgedagte in die eerste kolom van jou werkvel neer.
7. Skryf nou die ondersteunende gedagtes in die tweede kolom neer.
9. Elke groep moet nou terugvoering aan die klas gee.
10. Luister goed en maak aantekeninge van die ander hoofgedagtes en die ondersteunende gedagtes.
12. Jy kry 'n modelantwoord waaraan jy jou antwoorde kan toets.
13. Evalueer nou 'n ander groeplid se deelname aan die bespreking deur die rubriek aan die einde van die aktiwiteit te gebruik.



**Woordeskat is die bousteentjies van 'n taal, leer dit!**


**access – toegang**



**computer – rekenaar**
**create - skep**
**distant - verwyderd**
**e-mail - e-pos**
**freedom - vryheid**
**hobby / pastime - tydverdrywe**
**instant language - kitstaal**
**literate - geletterde**
**messages - boodskappe**
**protection - beskerming**
**swift – rates**
**web site - webtuiste / webwerf**

**@ (at) – oorsprong van die boodskap**
**bullet - paragraafkoeël**
**calculator - sakrekenaar**
**cause damage - skade berokken**
**screen – skerm**
**characteristics - eienskappe**
**click and drag - kliek en sleep**
**clip art – knipkuns**
**control panel - beheerpaneel**
**cut and paste - knip en plak**
**embarrassment - verleentheid**
**flirt - flankeer**
**gossip - skinder**
**influenced - beïnvloed**
**lap top - skootrekenaar**
**loose-jointed - loslittig**
**misverstande - misunderstandings**
**responsible - verantwoordelik**
**talk - klets**

**2. BESTUDEER NOU DIE LEESSTUK EN VOER DIE OPDRAGTE UIT.**



## KLETS, FLANKEER EN SKINDER MET DUIME . . .

**1.** Wie is verantwoordelik vir die skepping van hierdie nuwe taal? Ons praat van die SMS (short message service) wat deur die ratse duime van die Milleniumkinders, die nuwe generasie van tegnologiese geletterde tieners, geskep is. Hulle bring daagliks ure in die wêreld van selfoon-, rekenaar- en televisieskerms deur.

2. Hierdie loslit kitstaal is so deel van hulle wêreld dat hulle nie meer in standaard-Afrikaans (of Engels) kan praat, skryf en veral spel nie. Hierdie reëlloosheid van SMS-taal skep 'n nuwe vryheid. Hulle rebelleer teen diegene wat "stywe" Afrikaans gebruik, maar belangriker is dat dit beskerming bied teen die verleentheid van swak spelling op 'n tydstip in hulle lewe wat hulle 'cool' moet wees. Sean Burger (16) sê: "SMS is leka! Jy hoefi te *worry* hoe jy spelie."

3. Tyd en ruimte is baie belangrik wanneer jy SMS-taal gebruik. Daar is nie tyd vir uitgerekte boodskappe nie. Hoe anders kan tyd bespaar word as deur selfgeskepte ritse afkortings en selfs letter- en syferkombinasies soos ***dq*** **(dankie)**, ***cl.*** **(cool)**, ***luvu*** **(love you)**, ***j*** **(jy)** is algemeen. Woorde word na willekeur verkort sodat dubbelkonsonante of vokale enkel word: blomme word ***blome,*** jammer verander na ***jamer*** en weer word ***wr***, terwyl gaan ***gn*** word. Fonetiese spelling is aan die orde van die dag: bietjie word ***biki,*** verduidelik verander na ***verduitlik***, terug na ***trug,*** ens. Leestekens en hoofletters word emosionele woorde. Skryftekens is te tydrowend en wie, vra ek jou, gaan die reël van die dubbele ontkenning toepas?

4. SMS-taal is oral, ongelukkig nie net in SMS'e en e-posse nie! "Die woorde plak in sinne. Hulle verpoos in paragrawe en hang rond in opstelle en so vermink leerlinge die taal." Tragies is dat baie leerlinge nie meer kan onderskei tussen SMS-taal en standaard-Afrikaans of Engels nie. Omdat leerlinge minder lees, kan hulle nie die spelling van woorde herken nie. As hulle wel lees, is dit nie boeke nie, soms wel tydskrifte, maar gewoonlik is dit 'n Engelse publikasie. Verder verg hulle tegnologiese tydverdrywe ook bitter min taalvaardigheid.

5. Selfs op universiteite vind dosente dit moeilik om studente van die "duim-taal" te probeer speen. Die taal van die eerstejaar-studente is skrikwekkend, want hulle kan nie meer in volsinne praat nie aangesien hulle te besig is om te tik! Tog besef studente wanneer hulle begin werk dat dit belangrik is om beter te skryf en reg te spel. Hopelik is dit dan nie te laat nie, want die SMS-skryfstyl kan die taal mettertyd wel permanente skade berokken.


6. Jong taalgebruikers moet verstaan dat taal-en spelreëls nodig is, sodat daar nie misverstande ontstaan as mense kommunikeer nie. Ons moet die taal aanpas, want dit moenie te formeel en verwyderd wees van die gebruikers daarvan nie. As ons egter die taal te veel aanpas, sal hy sy eienskappe verloor en 'n mengeltaal word. Gebruik julle SMS-taal, maar doen dit verantwoordelik sodat dit nie julle standaard-Afrikaans negatief beïnvloed nie!

**ASSESSEER NOU 'N MAAT SE BYDRAE TOT DIE BESPREKINGS.**
Dui aan met 'n regmerkie.

| **Kriteria** | **Ja** | **Nee** | **Soms** |
|---|---|---|---|
| Het jou maat deelgeneem aan die bespreking? | | | |
| Het hy/sy oorgeneem of het hy/sy ander ook kans gegee om deel te neem? | | | |
| Het hy/sy hard genoeg gepraat dat al die lede van die groep hom/haar kon hoor? | | | |
| Is daar deur hom/haar oogkontak gemaak? | | | |
| Het jou maat vrae gevra? | | | |
| **Skryf kortliks hoe jy voel oor jou maat se deelname.** | | | |

**BEANTWOORD NOU DIE VOLGENDE VRAE:**

**1.** Jy gaan nou self die vrae beantwoord, sonder hulp van jou groep.
**2.** Jou onderwyser sal jou antwoorde kontroleer en punte daarvoor gee.



**VRAE:**

1. Wie, volgens die leesstuk, is die skeppers van die SMS-taal? (1)
2. Hoe kan 'n mens met jou "duime" klets? Verduidelik. (1)
3. Wat het veroorsaak dat juis "hulle", in vraag 1, die skeppers is van die SMS-taal? (2)
4. Haal **EEN** woord aan wat daarop dui dat die SMS-taal vinnig ontstaan het en maklik is. (1)
5. Wat beteken die woord **"loslit"** (par. 2) in die konteks? (1)
6. Noem twee gevolge van hierdie nuwe taal. (2)
7. Wat is die vryheid waarvan hier gepraat word? (2)
8. Sê of die volgende stellings **WAAR** of **ONWAAR** is. Bewys jou antwoord deur uit die leesstuk aan te haal.

    8.1. SMS-boodskappe moet kort en saaklik wees. (2)
    8.2. Tieners gebruik SMS-taal slegs vir selfoon-boodskappe. (2)

9. Noem ten minste **drie maniere** waarop tyd bespaar word met die stuur van SMS-boodskappe. (3)
10. Wat verstaan jy onder die term **fonetiese** spelling? (1)

11. Watter ander redes voer die spreker aan waarom leerlinge nie meer kan spel nie? (2)
12. Gaan studente hulle hele lewe so verkeerd skryf en spel? Motiveer jou antwoord. (2)
13. Watter beroep doen die spreker op SMS-taal gebruikers? (1)
14. Tot watter gevolgtrekking kom die skryfster in die laaste paragraaf? (2)


**(25)**

**3.**



**MAAK NOU 'N OPSOMMING VAN DIE LEESSTUK.**


**Jy het nou alreeds die hoofgedagtes in jou eerste opdrag geïdentifiseer. Jou onderwyser sal jou opsomming assesseer.**




**METODIEK:**


1. Skryf elke hoofgedagte in jou eie woorde neer. Dit moet net **EEN** sin wees.
2. Jy mag van kernwoorde gebruik maak.
3. Skryf die sinne puntsgewys onder mekaar neer en tel die woorde.
4. Gewoonlik mag jy nie 100 woorde oorskry nie. Kyk na die opdrag.
5. Indien dit te veel woorde is, maak seker dat jy nie ondersteunende gedagtes ook neergeskryf het nie.
6. As jy daarvan seker is en dit is nog te veel, raak ontslae van enige adjektiewe wat onnodig is.
7. Jy kan dalk te min woorde hê. Kyk nou of jy nie dalk 'n hoofgedagte misgekyk het nie.
8. Onthou om die aantal woorde aan die einde van die opsomming aan te dui.
9. Lees weer jou sinne en let op die woordorde, spelling, verkeerde woorde, ens.

**AKTIWITEIT 2: Lees en kyk, taal, skryf en aanbied. [LU2; LU4; LU3]**









Ons gaan in hierdie aktiwiteit

- lees
- aandag gee aan reëls: ontkenning en koppelwerkwoorde, sinonieme, antonieme en samestellings.
- taal in konteks doen
- in groepe die voor- en nadele van tegnologie bespreek en daaroor praat
- 'n dialoog rollees
- 'n dialoog skryf
- julle eie dialoog as 'n mondeling doen.



**METODIEK:**

1. Julle gaan in pare werk.
2. Maak beurte om TEGNOLOGIE EN GOEIE MANIERE hardop te lees.
3. Lees nou die eerste vraag.
4. Gaan kyk na die sin in die leesstuk en beantwoord die vraag.
5. As jy probleme ondervind, gaan terug na die reëls of slaan in die woordeboek na.
6. Doen die tweede taaloefening op jou eie.
8. Jou onderwyser sal vir jou die antwoorde gee en dit is nou die tyd om weer te vra as jy iets nie verstaan nie.
9. Leer.

**1.**



## TEGNOLOGIE EN GOEIE MANIERE



### SELFOON - MANIERE

A. Ons moenie ons maniere vergeet as ons met selfone doenig is nie. Goeie maniere was nog altyd 'n teken van 'n goeie opvoeding.












Hier volg MOETS en MOENIES wat jy kan onthou.

1. Wanneer jy iemand bel, moet jy jou eers bekendstel voordat jy begin gesels. Sê duidelik wie praat as iemand jou bel.
2. Onthou om jou naam onder aan SMS'e te skryf, want dis moontlik dat die ontvanger nie jou selfoonnommer ken nie.
3. Wat en hoe jy dit sê, maak 'n indruk op ander.
4. Selfone moet so min as moontlik in geselskap gebruik word. Skakel jou selfoon op vibreer en nie op lui nie.
5. Verskoon jouself uit 'n groep as jy met jou selfoon moet praat.
6. Het jy al 'n selfoon in 'n teater, kerk, restaurant, vergadering, ens. hoor lui? Dan sal jy weet hoe frustrerend dit kan wees. Skakel asseblief jou selfoon af! Jy moet jou selfoon op 'n vliegtuig afskakel!
7. Moenie mense irriteer met snaakse, vervelige selfoondeuntjies nie!
8. Moenie sonder toestemming foto's met jou selfoon neem nie.
9. Dis swak maniere om voor 07:00 in die oggend en na 21:00 in die aand SMS'e te stuur.

10. Gebruik jou selfoon in noodsituasies.
11. Dis onwettig om sonder 'n handvrye stel oor jou selfoon te praat terwyl jy bestuur.
12. Stuur SMS'e wanneer jy privaat is en onthou dat SMS'e informeel is. As jy dus aan jou baas of kliënte SMS'e wil stuur, gebruik meer formele boodskappe.
13. Daar is ook web-etiket (netiket)
    - 13.1. Moenie e-pos-boodskappe in hoofletters tik nie.
    - 13.2. Moenie bedankingskaartjies per e-pos stuur nie.
    - 13.3. Moenie aanstootlike boodskappe, grappe of kettingbriewe aanstuur nie.
    - 13.4. Moenie e-pos gebruik om iemand te kritiseer of te beledig nie.




**JY GAAN NOU DIE TAALOEFENING IN KONTEKS DOEN. DIE VRAE KOM UIT: TEGNOLOGIE EN GOEIE MANIERE.**
Die onderstaande reëls kan jou 'n hupstootjie gee!

## DIE ONTKENNING IN AFRIKAANS.

| | | | |
|---|---|---|---|
| | nie _________ nie | Al: | nog nie ______ nie |
| Iemand: | niemand ____ nie | Al ooit: | nog nooit _____ nie |
| Iets: | niks ________ nie | Alreeds: | nog nie _______ nie |
| Iewers: | nêrens ______ nie | Al iemand: | nog niemand ___ nie |
| Êrens: | nêrens _______ nie | Al êrens: | nog nêrens _____ nie |
| Ooit: | ooit _________ nie | Al iets: | nog niks _______ nie |
| Iets: | niks _________ nie | Al een: | nog geen ______nie |
| Een: | geeneen ______ nie | ►►►►►►►►►► | |
| Baie: | nie baie ______ nie | Nog: | nie meer _____ nie |
| | | Nog steeds: | nie meer _____ nie |
| Almal: | nie almal _____ nie | Òf …… òf: | nòg ____ nòg |
| | niemand ______ nie | Sowel as: | nòg ____ nòg |
| Altyd: | nie altyd ______ nie | Beide . en: | nòg ____ nòg |
| | nooit __________nie | Albei: | nòg ____ nòg |
| | | Heeltemal: | glad nie |

| | |
|---|---|
| Moet: | moenie _________________ nie |
| Moet asseblief: | moet asseblief nie ________ nie |




## KOPPELWERKWOORDE

Die koppelwerkwoorde is : skyn, blyk, behoort en hoef. Ons gebruik HOEF en BEHOORT die meeste.

- ► BEHOORT: Kan positief of negatief wees, afhangende van die sin.
- ► HOEF: Is ALTYD negatief.
- ► Wanneer jy koppelwwe. gebruik, kom daar 'n TE voor die werkwoord.

VOORBEELDE:
Hy doen sy werk. Hy behoort sy werk TE doen.
Hy [moet] die selfoon antwoord. Hy hoef NIE die selfoon TE antwoord NIE.




**Hy [moet] die selfoon afskakel. Hy behoort die selfoon af TE skakel. Gister [moes] hy die selfoon aanskakel. Gister HOEF hy nie die selfoon aan TE geskakel het nie.**

- **ANTONIEME: Dit is woorde met die teenoorgestelde betekenis.**
- **SINONIEME: Dit is woorde met dieselfde betekenis.**

- **Woorde wat eindig op i, o, u en 'n beklemtoonde á kry 'n afkappings -'s in die meervoud.**

- **SAMESTELLINGS is woorde (veral Snwe) wat met mekaar verbind word. Soms gebruik ons 'n verbindingsklank.**

**2.**




**DOEN NOU DIE TAALVRAE SOOS AANGEDUI (p. 7+8)**

1. Doen nou die eerste sinnetjie in A, maar begin met: **Ons behoort** _______
2. Begin die eerste sin in nommer 1 met: **Voordat** _____________________
3. Gee die ANTONIEME van **duidelik** in nommer 1 en **moontlik** in nommer 2.
4. Kies die korrekte woord: Hy **(ken / weet)** wat sy selfoonnommer is.
5. Hy **(ken / weet)** die meisie met wie hy gesels.
6. Gee een woord vir **(maak 'n indruk)** in sin 3.
7. Doen die eerste sin in nommer 4, maar begin so: **Selfone behoort** ______
8. Begin die eerste sin in nommer 5 so: **Jy behoort** ___________________
9. Skryf die eerste sin in nommer 6 oor, maar begin so: **Nee,** ____________
10. Doen die laaste sin in nr. 6 en begin so: **Nee,** _______________________
11. In nr. 7 is die woordjie **IRRITEER** 'n werkwoord. Vul nou die regte vorm van dieselfde woord in die volgende sinne in. Dis regtig 'n **(irriteer)** (s.nw.) as iemand se selfoon gedurig lui. Dis 'n **(irriteer)** (deelwoord) deuntjie as jy dit gedurig hoor. Die deuntjie is **(irriteer).** Kies ook die regte woord in die volgende sinnetjie: Hy is baie **(vervelig / verveeld)** en weet nie meer hoe om homself besig te hou nie.
12. Gee 'n SINONIEM vir **foto's** in nr. 8. Waarom gebruik ons 'n afkappings 's as die meervoud van die woord? Noem nog **4 voorbeelde** van verskillende woorde waar ons dit gebruik. (Kyk na jou reëls)
13. Gee een woord vir **(swak maniere)**, **(in die oggend)** en **(in die aand)** in nr. 9. Wat dink jy is een woord vir **(in die môre)**, **(in die middag)** en **(in die nag)**?
14. Doen nr. 10 soos volg: **Nee,** ___________________________________
    **Jy behoort** _____________________________________________
15. Gee 'n ANTONIEM vir **onwettig** en 'n PERSOONSNAAM vir **bestuur** in nr. 11.
16. Kies die korrekte woord. My **(klante / kliënte)** koop skoene. Wat is die

verskil?


17. JY moet my aan die vergadering **(herinner / onthou)**. Maak 'n sin met die woord wat jy nie gekies het nie.

18. Die woord bedanking(s)kaartjies in 13.2. is 'n samestelling van twee woorde. Vorm nou samestellings van: **(held + moed), (seun + skool), (lewe + redder),(bed + goed), (rib + been), (kop + ent) en (voet + ent).**

19. Begin 13.3. so: **Jy hoef** ________________________________________

20. In 13.4. word die werkwoord **kritiseer** gebruik. Hoe sal jy dit as s.nw. gebruik? Moenie altyd **(kritiseer)** uitspreek oor ander mense nie!

**3. DOEN NOU DIE VOLGENDE TAALOEFENING**







**METODIEK:**





1. Die taaloefening doen jy op jou eie.
2. Soek die elektroniese apparaat wat jy in jou huis gebruik in die woordblok.
3. Kleur die woorde wat jy vind in.
4. Vul dit in die sinne onder die woordblok in.
5. Doen nou die sin soos aangedui.
6. Jou onderwyser sal vir jou die korrekte antwoorde gee.
7. Jou maat gaan jou assesseer.







| | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| A | B | C | D | E | F | G | W | R | Y | I | O | P | H | J | K | L |
| R | R | Y | W | L | M | G | R | T | L | Y | L | K | H | S | G | D |
| X | T | E | L | E | F | O | O | N | G | J | S | K | L | T | B | N |
| K | B | M | K | P | O | I | T | E | T | K | J | K | B | O | N | M |
| B | L | D | T | E | L | E | V | I | S | I | E | D | A | F | A | H |
| Z | Q | I | K | J | N | S | E | R | G | C | V | B | N | S | C | A |
| D | D | G | T | J | I | A | M | B | U | I | O | L | Z | U | S | A |
| F | M | U | I | S | C | L | A | K | K | J | H | Q | E | I | R | R |
| A | S | D | F | G | E | H | J | R | A | D | I | O | K | E | L | D |
| K | J | H | G | F | D | R | S | A | N | B | V | C | X | R | Z | R |
| S | L | M | I | K | R | O | G | O | L | F | O | O | N | D | J | O |
| F | T | G | H | J | K | L | P | O | I | E | R | T | Y | G | E | E |
| S | K | O | T | T | E | L | G | O | E | D | W | A | S | S | E | R |
| A | S | D | O | F | G | H | J | K | W | L | Z | X | C | V | B | N |
| F | D | S | A | F | D | F | D | F | A | F | G | G | H | J | K | L |
| A | S | D | F | G | H | J | K | L | A | K | J | H | G | F | D | S |
| A | S | W | A | S | M | A | S | J | I | E | N | Z | X | C | V | B |
| A | S | D | F | G | H | J | K | L | E | N | B | V | C | X | Z | E |
| S | R | T | Y | T | H | O | E | T | R | O | U | S | T | E | L | R |
| A | S | E | I | E | R | K | L | I | T | S | E | R | A | S | D | F |

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

**Vul telkens die ontbrekende woord in en doen dan die sin soos aangedui.**


1. Die man moet nie sy kop oor die __________verloor nie.
   Die man behoort ________________________________________
2. Die kat speel nog met die ______.
   Nee, _________________________________________________
3. Ek pak die skottelgoed in die _______________ .
   Ek hoef ______________________________________________
4. Sy het al die gehoorstuk op die mikkie van die ________ neergesit.
   Nee, ______________________________________
5. Skakel asseblief die ____________ af en haal die kasetskyfie uit.
   Nee, ________________________________________________
6. Jy moet die eiers met 'n _________ klits.
   Nee, ________________________________________________
   Gister hoef ___________________________________________
7. Die r______ sowel as die t__________ is aangeskakel.
   Nee, ________________________________________________
8. Beide die ________ en die ___________ staan in die kombuis.
   Nee, ________________________________________________
9. Sy het alreeds die klere in die __________ gewas.
   Nee, ________________________________________________
10. Òf die m________ òf die tuimeldroër skop die krag uit.
    Nee, ________________________________________________
11. Ek kan nie sonder my h___________ klaarkom nie.
    Ek hoef ______________________________________________
12. Jack kry vir hom 'n koeldrank in die ________ .
    Daardie dag behoort ____________________________________
    Nee, ________________________________________________
13. Die __________ waai nog steeds koue lug in die vertrek.
    Nee, _______________________________________________
    Die waaier hoef _______________________________________
14. Sy gebruik die ___________ om die matte skoon te suig.
    Sy behoort ___________________________________________
15. Doen en leer die volgende **sinonieme**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| emosie - | finansieel - | storie - | populêr - | applous – |
| storie - | donasie - | dokter - | faal - | present - |

Doen en leer die volgende **antonieme**

| | | | |
|---|---|---|---|
| voordeel - | oorsaak - | ooreenkomste - | aankom – |
| begin - | dronk - | erken/beken - | gelukkig – |
| lui - | onbeskof - | waar - | hoogmoedig – |
| held - | wild - | modern - | oorwinning - |




4. 



**Jy gaan nou na die voorbeeld van 'n dialoog kyk en dan self 'n dialoog skryf.**

**ONDERWERP: Twee maats gesels oor die voor- en nadele van selfone OF gesels oor die voor- en nadele van die rekenaar.**
Jy het baie woordeskat en bronne en voeg ook jou eie idees by.

**METODIEK:**



1. Hieronder het julle 'n voorbeeld van die vorm van 'n dialoog.
2. Skryf nou 'n dialoog wat jou onderwyser gaan assesseer.
3. Plaas dit dan in jou portefeulje.
4. Na assessering gaan julle julle dialoë as 'n mondeling doen. Die onderwyser(es) sal julle mondeling assesseer.

5. 

**ROLLEES DIE DIALOOG IN PARE**. Laat een van die pare die dialoog vir die klas lees.




Let op die volgende as jy rollees doen.

1. Jy word die karakter.
2. Let dus op jou gesigsuitdrukking, lyftaal, ens.
3. Gebruik jou stem, m.a.w. let op intonasie / stembuiging / toon, (fluisterend, nors, beledigend, grappig, vriendelik, kwaad, ens.) Tempo en frasering is belangrik. Punktuasie kan jou help.
4. Onthou dat oogkontak belangrik is!

**VOORBEELD VAN 'N DIALOOG**




**SELFOON 1:** Hallo, Sel 1 wat praat.

**SELFOON 2:** Hallo, Maat, dis Sel 2. Hoe gaan dit?

**SELFOON 1:** Nee, vies vir tieners en selfoon wees en sommer net baie kwaad!

**SELFOON 2:** Klink bekend, maar waarom dan, vertel dadelik!

**SELFOON 1:** Vanoggend gedurende saalbyeenkoms het ek soos 'n haan gekraai! Ek was nog nooit so verleë nie en jy moes die hoof se gesig gesien het! 'n Skrobbering en ditensie gekry daarvoor!



**SELFOON 2:** Jammer, Sel 1, maar ten minste het jy nie 'n hele dag in die Afrikaanse onnie se laai, in duisternis en tussen vraestelle, appels en sigarette gelê nie! Dit, omdat party mense mos in die klas vir hul meisies SMS'e stuur! En jy moet die tale sien wat ek moet praat! "Sin j wr vennd. Luvu."





**SELFOON 1:** (Laggend) Wel, ons kan darem sê dat 'n tiener-selfoon vir genoeg opwinding sorg.

**SELFOON 2:** Dis verseker! Geen vervelige oomblik nie, net uitputtend!

**SELFOON 1:** Daarby is ons seker ook die gewildste kommunikasiemiddel in die wêreld. Wie gaan dan nou kla! Ek sien alweer kans vir my tiener. Totsiens, sien jou!

**SELFOON 1:** Bi, leka dg vi jou!


Jou onderwyser(es) gaan punte toeken vir die volgende: Toets ook jou dialoog aan die volgende **Assesseringstabel vir die geskrewe dialoog**



| | Leerling | Punte |
|---|---|---|
| **1. Die vorm:**<br>**Teen die kantlyn begin.**<br>**Dubbelpunt na die naam en in blokvorm**<br>**Reël oop na elke spreekbeurt**<br>**Geen aanhalingstekens** | | **2** |
| **2. Korrekte toon en gesprekstaal** | | **2** |
| **3. Taalgebruik:**<br>**Is jou woordorde, tye, voornaamwoorde, leestekens, spelling, ens. korrek?** | | **6** |
| **4. Inhoud:**<br>**Het jy by die onderwerp gehou?**<br>**Het jy jou sinslengtes afgewissel?**<br>**Het jy gepaste woordeskat gebruik?**<br>**Is die gesprek interessant, ens.** | | **10** |
| **TOTAAL** | | **20 ÷ 2 = 10** |

**Die assesseringstabel vir die mondeling sal in die onderwysersgids verskyn.**

**AKTIWITEIT 3: Lees en kyk, luister en praat, skryf. [LU1; LU2; LU3]**









**Ons gaan in hierdie aktiwiteit**


- groepwerk doen
- luidlees doen in groepe
- die brief en koerantberig met mekaar vergelyk deur ontleding en vrae te beantwoord
- terugrapporteer aan die klas
- 'n persbrief of koerantberig skryf

**1. Vergelykende studie van dieselfde gebeurtenis. Een is 'n koerantberig en die ander 'n persbrief.**



**METODIEK:**

1. **Werk in groepe. Elkeen in die groep gaan 'n beurt kry.**
2. **Julle gaan die kenmerke van 'n koerantberig en die brief bespreek deur vrae te beantwoord.**
3. **Julle gaan die tabel invul en so die eienskappe, verskille en ooreenkomste aandui.**
4. **Julle gaan terugrapporteer aan die klas.**
5. **Luister aandagtig en neem notas van ander moontlikhede wat julle nie raakgesien het nie.**



**HARDOPLEES.**

- Spreek jou woorde duidelik en korrek uit.
- Lees vloeiend, sonder om woorde uit te laat of by te voeg.
- Lees met gevoel: jou stemtoon, intonasie, tempo, frasering, ens. is belangrik.
- Onthou ook dat sekere woorde meer klem sal ontvang, veral as jy iets wil beklemtoon.
- Lees duidelik hoorbaar, maar moenie skree nie.
- Maak oogkontak met jou gehoor en onthou gesigsuitdrukkings moet gepas wees.
- Moenie vergeet dat jy moet weet wat jy gelees het nie. Jy sal vrae moet beantwoord.
- Jy sal agterkom dat die lees van die twee tekste heelwat van mekaar sal verskil.

## 2. A. DIE KOERANTBERIG

# LEWE MINDER WERD AS SELFOON EN LEË BEURSIE

Gerhard Verster - Johannesburg

**Mnr. Tom Petersen (44) van Denver, Johannesburg is gisteroggend omstreeks 4:00 doodgeskiet vir sy selfoon en beursie.**

**Hy en sy vrou is in hulle slaapkamer deur twee inbrekers wat vermoedelik deur die slaapkamervenster geklim het, oorval.**

**In die geveg met een van die rowers is mnr. Petersen ernstig gewond. Sy beangste vrou, Lilly, het in 'n hangkas skuiling gesoek.**



**Al die tekens dui daarop dat die inbraak vooraf beplan is en dit is moontlik dat een of albei bekend was met die omgewing.**

**Die meenthuiskompleks is omhein met 'n dubbele elektriese heining en al die onderste vensters het diefwering.**

**Die inbrekers moes op die dak geklim het en daarvandaan op die balkon. Die slaapkamervenster was die enigste venster waar die alarm nie geaktiveer was nie en hulle moes so die huis binnegekom het.**



**Die bure, mnr. en mev. Ben de Jager, was binne minute nadat die skoot geklap het in die huis, maar mnr. Petersen was reeds dood.**

**Die inbrekers het op die vlug geslaan. Later is 'n skootrekenaar en mev. Petersen se handsak buite die kompleks gevind. Slegs 'n selfoon en beursie word vermis. Die polisie stel ondersoek in.**

**VRAE:**

1. Skryf een feit en een mening uit die berig neer. (2)
2. Stem jy saam dat mnr. Petersen nie dadelik dood is nie? Gee 'n rede vir jou antwoord deur TWEE opeenvolgende woorde aan te haal. (2)
3. Haal EEN woord aan wat vir ons aandui dat dit om en by 4:00 plaasgevind het. (1)

## B. BRIEF AAN DIE PERS

**Die Redakteur**
**Huisgenoot**
**Posbus 1802**
**Kaapstad**
**8000**

**Meneer / Mevrou**

**<u>'n Kosbare lewe geneem</u>**

**Vandag voel ek kwaad, hartseer en bang ook. Ek moet dit met iemand deel en wie is daar beter as die lesers van Huisgenoot!**

**Verlede Saterdagoggend is oom Tom vir 'n selfoon en 'n leë beursie doodgeskiet. Hy en sy vrou, tant Lilly, is al vir jare ons bure in die meenthuiskompleks. Hulle was nie in staat daartoe om 'n vlieg kwaad aan te doen nie!**

**Nie eers die dubbele geëlektrifiseerde heining of diefwering of die alarmstelsel kon die inbrekers keer nie. Tant Lilly sê dat hulle by die kamervenster ingeklim het. Oom Tom het instinktief gehandel toe hy die inbreker aangeval het. Hy is doodgeskiet . . .**

**My pa was feitlik onmiddellik na die skoot geklap het by hulle, maar dit was te laat. Tant Lilly het in 'n hangkas weggekruip en die inbrekers is weg met slegs 'n selfoon en 'n beursie!**

**Ek voel so hartseer oor oom Tom se dood en is veral jammer vir tant Lilly. Maar ek is ook kwaad vir mense wat ons menseregte en privaatheid so skend! Was dit nou nodig om 'n lewe te neem? Dis vreeslik dat party mense geen respek vir LEWE het nie. 'n Mens kan nie help om te wonder wie die volgende gaan wees nie.**

**Jammer oor die swaarmoedige briefie, maar net om dit met u te deel, is alreeds 'n soort terapie. Dankie dat u geluister het.**

**Hartseer.**

**Dina de Jager**
**Posbus 3456**
**Denver**
**2011**

**22 Februarie 2006**



4. Watter deel van die persbrief word in Huisgenoot gepubliseer? (1)
5. Die spreekwoord is nie in die brief nie, maar die spreker praat van 'deel' met ander. Kan jy 'n spreekwoord neerskryf wat hier van pas sou wees? (1)
6. Noem drie feite wat in albei hierdie leesstukke dieselfde is. (3)

**TOTAAL (10)**

3. LEES DIE FEITE IN DIE ONDERSTAANDE BLOK EN VOLTOOI DAN DIE KOLOMME DEUR DIT OP DIE REGTE PLEK IN TE VUL.

Meer formeel.
Opskrif (kop) baie prominent.
Informele skryfwyse.
Eie mening.
Emosioneel.
Maak gebruik van 'n skuilnaam.
Meer subjektief.
Slegs die inhoud word gepubliseer.
Naam van verslaggewer.
Feite belangriker: wat, waar, wanneer, waarom en hoe?
Meer objektief.

| PERSBRIEF | KOERANTBERIG |
|---|---|
| 1. | 1. |
| 2. | 2. |
| 3. | 3. |
| 4. | 4. |
| 5. | 5. |
| 6. | 6. |


4.




**SKRYF 'N PERSBRIEF OF KOERANTBERIG**

**Skryf nou ook 'n brief aan die pers na aanleiding van 'Hartseer' se brief. Vertel van 'n soortgelyke gebeurtenis en gee slegs jou mening oor die gebeurtenis OF skryf 'n koerantberig oor iets wat in julle omgewing gebeur het. Gebruik jou verbeelding as daar nie iets belangriks gebeur het nie.**

Jy het nou 'n voorbeeld van 'n koerantberig en 'n persbrief. Jy weet ook wat die formaat en wat belangrik is omdat jy dit in nr. 3 met mekaar vergelyk het.




Toets jou brief of berig aan die kenmerke in die kolomme. Jou onderwyser(es) sal jou skryfstuk assesseer.

# EENHEID 2


## KINDERREGTE is KOEL!


**AKTIWITEIT 1: Lees en kyk [LU2]**




Ons gaan in hierdie aktiwiteit
- begriplees
- woordeskat uitbrei
- verantwoordelikhede by regte pas
- begripsvrae beantwoord

**Lees wat elke kind omtrent die nuwe grondwet oor kinderregte sê.**




3 Ek het die reg om trots op my kultuur en geloof te wees.
4 Ek het die reg op liefde en beskerming.
C Ons het die verantwoordelikheid om ons omgewing skoon en higiënies te hou !
D Kinders moet die verantwoordelikheid hê om nie met kos te mors nie.
5 Kinders het die reg om foute te maak.
E . . . en die verantwoordelikheid om ons gesondheid op te pas.
6 Kinders moet genoeg kos hê om te eet
F Maar, die verantwoordelikheid om dit skoon en netjies te hou !
G Maar, ons het die verantwoordelikheid om ons onderwysers te respekteer !
7 Ek het die reg op goeie mediese versorging.
8 Ek het die reg om gehoor te word.
H . . . en ek het die verantwoordelikheid om mense wat van my verskil te aanvaar.
9 Kinders het die reg op 'n veilige, gerieflike, gelukkige tuiste.
I Ek het die verantwoordelikheid om vir ander om te gee en na ander te luister.
10 Ek het die reg om deel van die samelewing te wees; al verskil ek van die meeste ander mense.
J Maar, die verantwoordelikheid om na ander te luister en hul menings te respekteer !

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG



**BOUSTEENTJIES**

Brei jou woordeskat en Taalkennis uit. Leer die onderstaande woorde. Die Engelse betekenisse tussen hakies is om jou te help.

| | | | |
|---|---|---|---|
| aanvaar | *accept* | mors | *waste* |
| bekommerd | *worried* | netjies | *tidy* |
| beskerming | *protection* | omgewing | *environment* |
| deel | *share* | onderteken | *sign* |
| foute | *mistakes* | regering | *government* |
| geleerdheid | *education* | samelewing | *society* |
| geloof | *belief* | swanger | *pregnant* |
| gerieflik | *commodious* | trots | *proud* |
| lot | *fate* | veilige | *safe* |
| gesondheidsdienste | *health services* | verantwoordelikheid | *responsibility* |
| gratis | *free* | verbeter | *improve* |
| misbruik | *abuse* | verskil | *difference* |
| mishandel | *ill-treat* | versorging | *care* |

**Pas nou by elke kinderreg die kind se verantwoordelikheid wat daarmee gepaard gaan.**

| KINDERREG | VERANTWOORDELIKHEID |
|---|---|
| 1. Ons het die reg om skool te gaan.<br>2. Ek het die reg op 'n skoon, higiëniese omgewing.<br>3. Ek het die reg om trots op my kultuur en geloof te wees.<br>4. Ek het die reg op liefde en beskerming.<br>5. Kinders het die reg om foute te maak.<br>6. Kinders moet genoeg kos hê om te eet.<br>7. Ek het die reg op goeie mediese versorging.<br>8. Kinders het die reg op 'n veilige, gerieflike, gelukkige tuiste.<br>9. Ek het die reg om gehoor te word.<br>10. Ek het die reg om deel van die samelewing te wees al verskil ek van die meeste ander mense. | |

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

**ASSESSERING:** Jy en jou maat kan mekaar se werk volgens die onderwyser se memorandum assesseer

**Beantwoord die volgende kontekstuele vrae oor kinderregte in jou werkboek.**

1. Hierdie tipe teks is
   - 'n verhalende teks
   - 'n advertensieteks
   - 'n inligtingsteks

2. Wat was die rede vir die ontstaan van die nuwe grondwet oor kinderregte?

3. Noem TWEE projekte van die regering?


4. Wat is Suid-Afrika se posisie ten opsigte van hierdie Konvensie?

5. Onder watter kinderreg kan elk van die bewerings in kolom A geklassifiseer word?

| A | B |
|---|---|
| **BEWERING** | **KINDERREG** |
| a. Kinders moenie in 'n gevaarlike, ongelukkige, ongerieflike huis grootword nie.<br>b. Gestremde kinders moet gehelp word om 'n goeie lewe te lei.<br>c. Daar mag nie teen kinders op grond van hulle kleur, geslag, taal en godsdiens gediskrimineer word nie.<br>d. Kinders is geregtig op drie maaltye per dag.<br>e. Kinders het die reg om 'n goeie ge-leerdheid te ontvang. | |

**ASSESSERING:** Jy en jou maat kan mekaar se antwoorde nasien volgens die onderwyser se memorandum.

**AKTIWITEIT 2: Lees en kyk, Luister en praat, Taal, Skryf en aanbied [LU2]; [LU1]; [LU4]; [LU3]**




Ons gaan in hierdie aktiwiteit

- afleidings en gevolgtrekkings maak
- jou opinie gee en dit motiveer
- woordeskat uitbrei - sinonieme
- voorspellings maak
- koppelwerkwoorde en hulpwerkwoorde identifiseer en korrek gebruik
- meervoude en verkleinwoorde vorm
- sinonieme identifiseer
- voornaamwoorde korrek gebruik
- sinne in die indirekte rede skryf
- navorsing doen vir 'n mondelinge aanbieding
- beredenerend skryf volgens doel, teikengroep en formaat

Lees die onderstaande artikel deeglik deur voordat jy die daaropvolgende opdragte uitvoer. As jy probleme ondervind, gaan terug na die reëls of slaan in die woordeboek na.



## KINDERREGTE IN DIE KOLLIG

### SKOOLGAAN

Skoolgaan was vroeër glad nie soos vandag nie. Stout of lui seuns moes dikwels vir ses van die bestes buk wanneer die onderwyser hulle met 'n kweperlat of plak gefoeter het. Selfs meisies is met liniale op die hande of bene gepiets. Kinders is baiemaal teen die kop geklap dat hulle ore getuit het - of as hulle parmantig was, - sommer uit die klaskamer uitgeboender.

Dit klink skokkend, maar in vandag se skole gaan dit net so beroerd. Die bordjies is heeltemal verhang sedert die onderwysers se dissiplinêre magte ingekort is. Kinders doen net wat hulle wil en baie onderwysers se moreel is plat op die grond en as gevolg van kinderregte word baie onderwysers se gesag vandag verkrag.

Lyfstraf in Suid-Afrikaanse skole is met die beëindiging van apartheid en die aanvaarding van Suid-Afrika se nuwe grondwet in 1994, afgeskaf.

**KINDERSOLDATE**



Daar word beweer dat daar vandag meer as 300,000 kinders in 35 lande as soldate tydens gewapende konflikte gebruik word.

Kindersoldate is egter niks nuuts nie. Selfs in die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) is seuns, jonger as 16 (penkoppe) gebruik om saam met hul pa's, ouer broers en oupas te veg. Een van hierde penkoppe, genaamd Gesiggie, het op 'n keer met vier gevange Engelse by sy Boerelaer opgedaag. Toe hy gevra is hoe hy dit reggekry het, het hy geantwoord: "Ek het hulle omsingel" Baie van hierdie penkoppe is ook saam met die ouer mans na plekke soos St. Helena uitgeban en duisende kinders het in dieselfde oorlog in Engelse konsentrasiekampe in Suid-Afrika gesterf.



**KINDERHUWELIKE**

Dit was destyds 'n algemene gebruik dat ouers van jong kinders hulle kinders se toekomstige huwelike gereël het. Dikwels het die kinders mekaar nooit eers ontmoet voor die huweliksplegtigheid plaasgevind het nie. Vandag is dit gelukkig nie meer so algemeen nie.


**KINDERSLAWE**

Daar word beweer dat daar vandag honderdduisende, selfs miljoene kinderslawe op aarde is. In Haiti byvoorbeeld, word kinders geweldig misbruik. Kinderslawe so jonk as drie jaar word glo seksueel, geestelik en fisies mishandel. In Afrika is daar die sogenaamde sjokolade-slawe. Kinderarbeid word op groot skaal in die Ivoorkus, Nigerië en die Kameroen in die plantasies gebruik. Stryders vir menseregte probeer al verskeie jare om die uitbuiting van die jong "sjokolade-slawe" stop te sit, maar dit wil lyk of hulle weinig, indien enige, vordering maak.

Teenoor die plekke waar kindermisbruik steeds hoogty vier, is daar ook lande waar kinders werklik op 'n baie hoë troontjie geplaas word.


- Die afskaffing van die lat in Suid-Afrikaanse skole
- Ouers word verbied om hul kinders pak te gee in Swede, Denemarke, Oostenryk, Duitsland, Italië en Israel
- Dit is egter onwaarskynlik dat 'n soortgelyke inisiatief in Suid-Afrika sal slaag, want daar word mos geglo dat 'n goeie dosis streepsuiker met liefde wanneer nodig en regtig verdien is, glad nie 'n skending van kinderregte is nie! Inteendeel.

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG



**BOUSTEENTJIES**

**WOORDESKATUITBREIDING**




**METODIEK:**

1. Werk in pare en kies die regte betekenisse van die woorde wat in die artikel voorkom uit die onderstaande woordblok.
2. Trek die tabel in julle werkboeke en voltooi deur die betekenis langs die woord in te vul.
3. Gebruik 'n woordeboek om julle te help.


| | | | |
|---|---|---|---|
| pak slae gee | suis | geweld aandoen | vegters |
| troues | baiemaal | ellendig | gearriveer |
| 'n paar | min | vroeër | trouseremonie |
| slaan | uitjaag | vooruitgang maak | doodgegaan |
| beëindig | onbeskof | gedurende | gewoonlik |
| | erg | gebruik maak van | |

| | BETEKENIS / SINONIEM | | BETEKENIS / SINONIEM |
|---|---|---|---|
| 1. afgeskaf | | 12. huweliksplegtigheid | |
| 2. algemene | | 13. opgedaag | |
| 3. beroerd | | 14. parmantig | |
| 4. destyds | | 15. stryders | |
| 5. dikwels | | 16. tydens | |
| 6. gefoeter | | 17. uitboender | |
| 7. gepiets | | 18. uitbuiting | |
| 8. gesterf | | 19. verkrag | |
| 9. getuit | | 20. verskeie | |
| 10. geweldig | | 21. vordering | |
| 11. huwelike | | 22. weinig | |



**ASSESSERING:** Julle opvoeder sal julle antwoorde assesseer.

**GROEPBESPREKING**



**METODIEK:**

1. Jou opvoeder gaan aan elke groep een van die situasies gee om te bespreek.
2. Lees weer "Kinderregte in die kollig", samel gepaste inligting in, en maak notas.
3. Gee terugvoering aan die res van die klas nadat julle die situasies bespreek en tot 'n gevolgtrekking gekom het.
4. Jy gaan die inligting later gebruik vir 'n beredenerende toespraak wat deur jou opvoeder geassesseer gaan word.

- Praat oor die verskille tussen skoolgaan destyds en skoolgaan nou. Noem positiewe en negatiewe aspekte in beide eras. Verwys na die leesstuk en bespreek of dit aanvaarbaar is as 'n opvoeder lastige leerders uit 'n klas jaag. Hoe kan opvoeders verhoed dat hulle mag deur die nuwe kinderregte verkrag word? Bespreek nou hoe julle dink die ideale skool, onderwysers en leerders moet wees.

- Bespreek die gebruik van kinders as soldate tydens opstande. Doen navorsing oor die hedendaagse gebruik van kinders tydens gewapende konflikte. Verwys na die Anglo-Boereoorlog en die Nasionale Jeugdag wat sedert 1976 landwyd gevier word en soortgelyke situasies.

- Wat is julle mening oor gereëlde kinderhuwelike? Is daar dalk iemand wat julle ken wat gelukkig getroud was of bitter ongelukkig was na 'n gereëlde huwelik? Dink julle dat ouers dalk meer bevoeg is om die regte lewensmaat vir hulle kinders te kies? Motiveer.


- Word daar nog van kinderarbeid gebruik gemaak? Doen navorsing en bespreek.



**ASSESSEER** jul groep volgens hierdie tabel:

| Kriteria | Baie goed (4) | Goed (3) | So-so (2) | Help! (1) |
|---|---|---|---|---|
| 1. Deelname | | | | |
| 2. Samewerking | | | | |
| 3. Luister na ander lede | | | | |
| 4. Aanbieding | | | | |
| 5. Respek vir ander se menings | | | | |
| **TOTAAL: (20)** | | | | |

**Jy gaan nou 'n voorbereide praatjie beplan en aanbied. Jou opvoeder gaan dit volgens die kriteria in die onderstaande tabel assesseer.**




**PRAATJIE**

**VOORAFKENNIS:**


- **Die onderwerp van die praatjie is: Kinderregte is belangrik en moet beskerm word.**
- **Die lengte van die praatjie moet 3 minute wees.**
- **Gebruik van die inligting wat julle nagevors en bespreek het in die vorige groepaktiwiteit.**
- **Jy moet jou inligting samehangend organiseer deur hoofgedagtes en toepaslike ondersteunende besonderhede of voorbeelde te kies.**


- **Jy moet jou stellings duidelik en volledig formuleer.**
- **Jy moet logies redeneer en jou kant van die saak geesdriftig en oortuigend stel.**
- **Jy moet ook 'n gepaste inleiding, liggaam en slot voorberei.**
- **Jy moet gepaste retoriese middels soos vrae, pouses en herhalings gebruik.**
- **Jy moet goed voorberei wees en jou toespraak met selfvertroue lewer.**



**ASSESSERING** van voorbereide praatjie.

| **KRITERIA** | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1. Toon | | | | | | |
| 2. Stemprojeksie | | | | | | |
| 3. Tempo | | | | | | |
| 4. Oogkontak | | | | | | |
| 5. Uitspraak | | | | | | |
| 6. Liggaamshouding | | | | | | |
| 7. Pouse en herhalings | | | | | | |
| 8. Selfvertroue | | | | | | |
| 9. Gepaste inleiding en slot | | | | | | |
| 10. Inhoud | | | | | | |
| **TOTAAL** | | | | | | **60** |





**TAALOEFENINGE**

**METODIEK:**

1. Die vrae is gebaseer op KINDERREGTE IN DIE KOLLIG. Kyk weer na die onderstaande taalreëls voordat jy die oefeninge doen en as jy probleme ondervind, kan jy weer daarna verwys.
2. Doen nou die Taaloefeninge in konteks in jou werkboek.

**HOE OM MEERVOUDE te vorm**

► **Onthou die sleutelwoorde wanneer meervoude verlang word:**
**Baie, 'n paar, talle, almal, twee, al die, honderde, die meeste, een van die, baie van die, almal, 'n paar van die**


► **Meervoude word gevorm deur agtervoegsels soos –e, -s, -ere, -ers, -ens, -'s, -te, of –de by die selfstandige naamwoord aan te las.**

► **Woorde wat op i, o, u, of 'n beklemtoonde** *(emphasised)* **a eindig, kry 's in die meervoud.**


► **LEER DIE VOLGENDE: hemp - hemde; pad - paaie; stad - stede; gat - gate; kas – kaste; blad – blaaie; skip - skepe; glas - glase; nag - nagte; lid – lede; nooi – nooiens; bevel – bevele; politikus – politikusse; lied – liedere; volk – volkere; resep – resepte; kalf – kalwers; waarheid – waarhede; kas – kaste; wa – waens; hoof – hoofde; glas - glase**


**HOE OM VERKLEINWOORDE te vorm**

- ► **Sleutelwoorde om te onthou:**
  **Klein, arme ou, ou lelike, ou klein**
- ► **Verkleining word gewoonlik deur die agtervoegsels –tjie, -jie, -pie, -ie, -etjie, en kie aangedui.**
- ► **Woorde wat op i, o, u, of 'n beklemtoonde a eindig, kry 'tjie in die verkleining.**
- ► **Verkleining van meervoude word eers in die <u>ENKELVOUD</u> geskryf, <u>DAN</u> in die VERKLEINING. <u>LAS DAN "S" AAN</u>.**
- ► **Leer die volgende:**
  **gat – gaatjie; pad - paadjie; wa – waentjie; glas – glasie; gang – gangetjie; koning – koninkie**



## VOORNAAMWOORDE
*(PRONOUNS)*





| | | |
|---|---|---|
| **Ek** *(I)* | **my** *(my)* | **myne** *(mine)* |
| **Jy** *(you)* | **jou** *(your)* | **joune** *(yours)* |
| **Hy** *(he)* | **sy** *(his)* | **syne** *(his)* |

**<u>Hy</u> speel kitaar** — **Dit is <u>sy</u> kitaar**






| | | |
|---|---|---|
| **Sy** *(she)* | **haar** *(hers)* | **hare** *(hers)* |

**<u>Sy</u> lees** — **<u>Sy</u> dra <u>haar</u> tas**

| | | |
|---|---|---|
| **Ons** *(we)* | **ons** *(our)* | **ons s'n** *(ours)* |
| **Julle** *(you)* | **julle** *(your)* | **julle s'n** *(yours)* |
| **Hulle** *(they)* | **hulle** *(their)* | **hulle s'n** *(theirs)* |
| **U** *(you)* | **u** *(your)* | **u s'n** *(yours)* |

1. Use **<u>u</u>** when you address someone you don't know well or someone you respect (not family)
2. Use **JOU / JULLE** for exclamations. **Jou** lawwe ding! **Julle** stoute goed!
3. One must do one's best is **'n Mens** moet **JOU** bes doen as **JY** wil slaag.
4. Certain expressions in Afrikaans: Dit was vir **JOU** 'n gemors!
5. Use **"dit"** for things: Daar is die brief. Sien jy **dit**? OF Sien jy **HOM**?
6. **"DIT"** is also used in the plural: Spoel die wortels eers af voordat jy **DIT** rasper.
7. **"Each other"** is **MEKAAR**: Peter en Stephen gooi **MEKAAR** met kryt.
8. I made it **myself**. Ek het dit **SELF** gemaak.
9. I wash **myself**. Ek was **MY**. (In Afrikaans we only use "myself" if their can be confusion.
10. I enjoy **myself**. Ek geniet **dit / die partytjie**.
11. As 'n persoonlike voornaamwoord saam met die volgende werkwoorde gebruik word, gebruik jy altyd die **derde persoon** van dieselfde voornaamwoord.
    **SKAAM, VERWONDER, VERERG, VERSLAAP, VERBEEL, VERVIES, VERGRYP, VERDIEN, VERMOEI, STEUR, BEKOMMER, ONTFERM, NEEM VOOR, bv.**
    **EK** skaam **MY** oor my swak gedrag. **JY** skaam **JOU**, **HY** skaam **HOM**, **SY** skaam **HAAR**, **HULLE** skaam **HULLE**, **ONS** skaam **ONS**.

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG




# DIREKTE EN INDIREKTE REDE
*(Direct and Indirect Speech)*

**ONTHOU: Die voegwoorde in die indirekte rede is in groep 3; dus gaan al die werkwoorde in dieselfde volgorde** *(in the same order)* **na die einde van die sin.**

1. **Na die inleidende werkwoord - sê, vra, roep, beveel ens.** *(introductory verb – says, asks, calls out, instructs etc.)* **gebruik ons 'n dubbelpunt –":"** *(colon)*, **nie 'n komma soos in Engels nie!**

2. **Voornaamwoorde** *(pronouns)* **verander** *(change)* **sadat die sin se betekenis** *(meaning)* **nie verander** *(doesn't change)* **nie.**





| As 'n MAN met 'n VROU praat: | | | As 'n VROU met 'n MAN praat. | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Ek | → | na hy | Ek | → | na sy |
| my | → | na sy | my | → | na haar |
| jy | → | na sy | jy | → | na hy |
| jou | → | na haar | jou | → | na sy |
| myne | → | na syne | myne | → | na hare |

| | | |
|---|---|---|
| ons en hulle | → | na hulle |
| ons s'n en julle s'n | → | na hulle s'n |

3. **'n STELLING** *(statement)*: **Ons gebruik die voegwoord** *(conjunction)* **"dat"** *(that).*

4. **'n VRAAG** *(question)*: **Die voegwoord** *(conjunction)* **"of"** *(if)* **word gebruik.**

5. **As die vraag** *(question)* **met 'n vraagwoord** *(question word)* **begin:**
**gebruik die vraagwoord** *(question word)* **as voegwoord** *(conjunction).*


6. **As die sin 'n OPDRAG – "!"** *(command)* **is: Daar is twee maniere** *(two ways)* **waarop die sin in die Indirekte rede geskryf kan word.**

   **Hy beveel: "Bly stil!"**
   **Hy beveel HAAR OM stil TE bly.**
   **Hy beveel DAT SY dadelik MOET stilbly.**

7. **As die inleidende werkwoord** *(introductory verb)* **in die verlede tyd is, bv. "het gesê" of "het gevra"** **<u>kan</u> die werkwoord in die tweede sin na die verlede tyd verander** *(change to past tense)* **en al die bywoorde van tyd verander** *(adverbs of time change)* **sodat die betekenis dieselfde bly** *(so that the meaning stays the same).*

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

| BYWOORDE VAN TYD EN PLEK *(Adverbs of time and place)* | | |
|---|---|---|
| **<u>BYWOORDE VAN TYD</u>:** | | |
| **vandag** | → | **daardie dag** |
| **vanjaar** | → | **daardie jaar** |
| **gister** | → | **die vorige dag** |
| **verlede jaar** | → | **die vorige jaar** |
| **eergister** | → | **twee dae gelede** |
| **môre** | → | **die volgende dag** |
| **oormôre** | → | **twee dae later** |
| **volgende jaar** | → | **die jaar daarna** |
| **volgende week** | → | **die week daarna** |
| **nou** | → | **toe** |
| **<u>BYWOORDE VAN PLEK</u>:** | | |
| **hier** | → | **daar** |
| **hierheen** | → | **daarheen** |
| **hiernatoe** | → | **daarnatoe** |
| **<u>'N WERKWOORD WAT VERANDER</u>:** | | **kom → gaan** |




**DOEN DIE VOLGENDE GEÏNTEGREERDE TAALVRAE in jou werkboek.**

1. **Gee die meervoud van die volgende woorde:**
   kind; broer; straf; stad; oorlog; man; stad; lat; huwelik
2. **Gee die verkleining van die volgende woorde:**
   soldate; konflikte; penkoppe; kinderslawe; pa; oupa
3. **Voltooi die onderstaande sinne deur die regte woorde uit die blokkie in te vul.**

| |
|---|
| **behoort; behoort nie; hoef nie; mag; mag nie; moet; moenie** |

3.1 Kinders ___ geslaan word nie.
3.2 Kinders ___ hulle onderwysers te respekteer.
3.3 Kinders ___ parmantig wees nie.
3.4 "Kinders ___ hulle huweliksmaats voor die huweliksplegtigheid te ontmoet nie", beweer baie ouer mense.
3.5 Kinders ___ hulle ouers respekteer.
3.6 Kinders onder sestien ___ in fabrieke te werk nie.
3.7 Die gebruik van kindersoldate ___ stopgesit te word.
3.8 Kinders ___ misbruik te word nie.
3.9 Daar ___ van kinderarbeid gebruik gemaak te word nie, want daar is baie werkloses wat werk soek.
3.10 Kinders ___ hulle menings lig.

**4. Voltooi die onderstaande deur die korrekte voornaamwoorde in te vul.**


In die ou dae is 'n meisie op ___ hande geslaan, terwyl 'n seun ___ pak slae moes verduur.
Die onderwyser steur ___ nie aan kinderregte nie, want hy slaan nog steeds die seuns. Hy behoort ___ te skaam! Onderwysers en kinders behoort ___ te respekteer. 'n Mens kan ___ ore nie glo as ___ hoor hoeveel kinderslawe daar in die wêreld is nie.

**5. Skryf die sinne oor in die Indirekte Rede.**

5.1 Die seun sê vir die onderwyser: "Jy mag my nie slaan nie!"
5.2 Die jong seun sê: "Ek het hulle omsingel!"
5.3 Sy sê: "Ek is te jonk om in 'n fabriek te werk."
5.4 Hy vra: "Word daar nog kinderhuwelike gereël?"
5.5 Sy vra: "Hoekom moet ek met die man wat my ouers gekies het, trou?"
5.6 Hulle sê: "Ons ouers mag ons nie meer slaan nie!"
5.7 Die onderwysers sê: "Ons moreel is plat op die grond en ons gesag word verkrag!"
5.8 Hy vra: "Het hulle regtig ouers verbied om hulle kinders 'n pak slae te gee?"
5.9 Sy wil weet: "Hoe kan die dissipline in skole verbeter word?"
5.10 Daar word gesê: "Daar is genoeg werkloses; dus hoef kinders nie misbruik te word nie."




**ASSESSERING:** Julle opvoeder sal julle antwoorde assesseer.



**KOERANTARTIKEL**
**METODIEK:**


1. Skryf 'n koerantartikel oor een van die volgende onderwerpe.
2. Na jou eerste poging kan jy jou werk hersien, redigeer en verbeter nadat jou opvoeder foute aangedui het.
3. Na jou tweede poging gaan jou opvoeder jou skryfstuk vir jou portefeulje assesseer.




4. Kies *EEN* van die volgende onderwerpe:


- Probleme wat kinders in ons moderne samelewing ervaar. Is daar 'n oplossing?
- Die ideale skool, onderwysers en leerders.

**KOERANTARTIKEL**
**VOORAFKENNIS:**



**Kenmerke van 'n suksesvolle koerantartikel:**

- Jy moet weet wat die doel van die skryfstuk is.
- Jy moet weet wie die teikengroep van die skryfstuk is.
- Die styl moet tred hou met die teikengroep en doel van die artikel.
- Die toonaard word deur die teikengroep bepaal.
- Die skryfstuk se formaat moet volgens doel en teikengroep geskryf word.
- Die doel, teikengroep, styl en toonaard het 'n direkte invloed op die taalstrukture en woordeskat van die skryfwerk.
- Skryfwerk moet grammatikaal korrek en goed gestruktureer wees.
- Die inhoud moet die skrywer se insig en kreatiwiteit openbaar.
- Besonderhede moet logies georden word en oorspronklik wees.




**ASSESSERING:** Julle opvoeder gaan julle volgens die onderstaande tabel assesseer.

| Kriteria | Uitstekend<br>4 | Goed<br>3 | Gedeeltelik behaal<br>2 | Benodig hulp<br>1 |
|---|---|---|---|---|
| **Interpretasie en respons op onderwerp** | | | | |
| **Struktuur van die skryfstuk** | | | | |
| **Oorspronklikheid en persoonlike vertolking** | | | | |
| **Taalversorging** | | | | |
| **Aanbieding** | | | | |
| **TOTAAL: (20)** | | | | |

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG


EENHEID 3





# BEHOU . . . MOENIE LATER BEROU!

**Ons wêreld is kosbaar!**

**AKTIWITEIT 1: Luister, lees en kyk, skryf en aanbied en taal. [LU1; LU2; LU3; LU4]**







Ons gaan in hierdie aktiwiteit


- vluglees en soeklees
- hardop lees in pare en begripsvrae beantwoord.
- prente en geskrewe teks bymekaar pas
- taal in konteks doen: vraagwoorde, deelwoorde tye, trappe van vergelyking, betreklike vnwe
- paarwerk doen en hardop lees
- woordeskat leer

**1. KYK NOU NA DIE ONDERSTAANDE PRENTJIES EN PAS DAN DIE PRENTJIE BY DIE FEITE IN DIE ONDERSTAANDE TABEL.**




## 2. WAT BESOEDEL ONS AARDE? PRENT

| | |
|---|---|
| 1. Onbehandelde myngrond veroorsaak dat winderosie plaasvind en silika-sand word in die atmosfeer ingewaai. | |
| 2. Afvalwater van fabrieke wat giftige chemikalieë soos kwik, koper, lood, sink en arseen bevat, kan in riviere of die see beland en selfs in ondergrondse waterbronne. | |
| 3. Kunsmis en insektedoders wat vir boerdery gebruik word, besoedel riviere, voedsel, ens. | |
| 4. Giftige gasse uit uitlaatpype van voertuie besoedel die lug. | |
| 5. Vullisstorting op verkeerde plekke en morsjorse wat vullis oral strooi in parke, skole en riviere en nie in vullisblikke nie, veroorsaak besoedeling. | |
| 6. Dikwels besoedel olie ons grond en die see. | |
| 7. Rook uit skoorstene van fabrieke besoedel die lug. | |
| 8. Rokers is ook verantwoordelik vir besoedeling. | |
| 9. Al hierdie verbranding veroorsaak aardverwarming wat seisoene, reën en die osoonlaag beïnvloed. | |
| 10. Rondstrooi van bottels en plastiek is skadelik vir die diere- en plantelewe. Sekere gasse uit spuitkannetjies is skadelik vir die atmosfeer. | |




### BEANTWOORD DIE VOLGENDE VRAE:




1. Noem drie dinge wat lugbesoedeling veroorsaak. (3)
2. Noem twee dinge wat waterbesoedeling veroorsaak. (2)
3. Hoe dink jy kan olie die see besoedel? (1)
4. Wat beïnvloed die plante en dierelewe? (1)
5. Waarom dink jy moet myngrond behandel en beplant word? (1)
6. Wat is die grootste probleme wat aardverwarming kan veroorsaak? (2)

TOTAAL (10)



**Leer die bousteentjies van die taal**

aerosol can – spuitkannetjie
air – lug
atmosphere – atmosfeer
causes – veroorsaak
chimney – skoorsteen
damaging / harmful – skadelik
dependent – afhanklik
dumping – storting
exhaust – uitlaatpyp
factory – fabriek
litter bug - morsjors
fertiliser - kunsmis
global warming – aardverwarming
influenced - beïnvloed
poisonous - giftige
pollute – besoedel
pollution - besoedeling
responsible - verantwoordelik
rivers - riviere
smokers - rokers
vehicles - voertuie
waste bin - vullisblik



**Die reëls gaan jou met die volgende taaloefening help.**

## VRAAGWOORDE

- wie - who; wie se – whose; wat – what; watter – which; waarom / hoekom – why; hoe – how; hoeveel - how many; wanneer – when; waar – where.
- **Waar + voorsetsel** vir diere en dinge, bv. waarin, waarop, waarmee, waarvoor, ens.
- **Voorsetsel + wie** vir mense, bv. aan wie, met wie, oor wie, ens.

**ONTHOU:**

| | | | |
|---|---|---|---|
| ► Waarvandaan | - | From where | Waarvandaan kom jy? |
| ► Waarheen | - | Where to | Waarheen gaan julle? |
| ► Waarnatoe | | | Waarnatoe gaan julle? |
| ► Die hoeveelste | - | What is (date) | Die hoeveelste is dit vandag? |
| ► Hoe laat | - | What time | Hoe laat begin die wedstryd? |



## DEELWOORDE

Wanneer jy die regte vorm van woorde tussen hakies moet gee, onthou die volgende:

- As die woord tussen hakies 'n WERKWOORD is, verander dit na 'n DEELWOORD wat meestal 'n beskrywende woord is.
  Daar is TWEE soorte deelwoorde:
- TEENWOORDIGE DEELWOORDE
  (Present participle eg. The smiling child = The child who is smiling)
  - Wanneer die aksie nog besig is om te gebeur, word –de, -ende of –end aan die woord gevoeg.


  -de word net aan doen, gaan, sien en staan gevoeg.
  bv. voldoende bewyse; bestaande reëls; versiende mense; verbygaande motors
  -ende wanneer die beskrywende woord attributief (voor die selfstandige naamwoord) is.

  | | | | |
  |---|---|---|---|
  | bv. (huil) kind | huilende kind | (sterf) oupa | sterwende oupa |
  | (waai) wind | waaiende wind | (kook) water | kokende water |

  -end wanneer die beskrywende woord predikatief (na die s.nw.) is.
  bv. Die kind gaan huilend skool toe. Die oupa is sterwend.
- VERLEDE DEELWOORDE
  (Past participle eg. The broken window = The window that has been broken)
  - Wanneer die aksie reeds verby is, vorm ons 'n beskrywende woord deur –ge vooraan en –de, -te of –e agter aan die woord te voeg:

  Daar is TWEE soorte verlede deelwoorde:
  - SWAK VERLEDE DEELWOORDE (literal use: gebreekte koppie = broken cup)

  As die woord op K of P eindig, kry dit ge-+-te
  bv. (kook) water gekookte water (kap) hout gekapte hout
  As die woord op F, G of S eindig, kry dit ge- + -te of ge- + -de
  bv. (afstof) boekrak afgestofte/de boekrak (droog) vrugte gedroogte/de vrugte
  (was) skoene gewaste/de skoene
- STERK VERLEDE DEELWOORD (figurative use: gebroke hart = broken heart)
  Word gewoonlik gevorm deur vokaalverandering en eindig altyd met 'n –e in die attributiewe vorm: (bederf) kind – bedorwe kind; (opwen) mense – opgewonde mense

3. 


**DOEN DIE TAALOEFENINGE SOOS AANGEDUI**

**Vra die vraag waarop die onderstreepte gedeelte die antwoord is.**

**3.1.**

1. Riviere vloei gewoonlik na die see.
2. Reën en wind veroorsaak erosie.
3. Insekte word met gifstowwe gespuit.
4. Vullis hoort in vullisblikke.
5. Die vergadering is op 10 Oktober.
6. Die rook kom van fabrieke.
7. Dit is nou elfuur.
8. Hulle praat oor die rokers.
9. Ons gebruik plastiek vir baie dinge.
10. Hulle praat met die boere.

**Gee die korrekte vorm van die woorde tussen hakies.**

**3.2.**

1. Die (loop) ____ water lyk baie skoon en helder.
2. Soms is (staan) ___ water gevaarlik.
3. Die (besmet) ___ riviere veroorsaak siektes soos cholera.
4. Die (oliebesmeer) ____ pikkewyne kan almal vrek.
5. Ons moenie ons (pragtig) ____ natuur skade aandoen nie.



6. Die (kap) ___ hout word vir allerhande doeleindes gebruik.
7. (Ongekook) ___ water is nie altyd gesond nie.
8. Die (oplet) ___ mense sien die skade aan die natuur raak.
9. (Besmet) ____ water kan siektes soos cholera veroorsaak.
10. (Rondstrooi) _____ rommel ontsier ons mooi land.
11. (Uitgetrap) _____ grond veroorsaak gronderosie.
12. (Die (besoedel) ___ lug is nadelig vir mens en dier.
13. Die (huil) ___ kind kla oor die rook.
14. Die (verbygaan) ___ toeriste praat oor die rommel op die sypaadjies.
15. Die projekte wat ons teen besoedeling aanpak, is (opwen) ___ .
16. Dit maak ons baie (opwen) ___ .
17. Die (betoog) _____ mense wil hulle stemme oor besoedeling laat hoor.
18. Die nuus oor aardverwarming is (skok) ___.
19. Ons is (bederf) ___, want ons is te lui om ons rommel in vullisdromme te gooi.
20. Hy staan met 'n (buig) ___ hoof.

Vul die ontbrekende woorde in of kies die korrekte woord.


**3.3.**

1. Baie mense sal nooit (**herken / verken / erken**) dat hulle morsjorse is nie.
2. Die regering moet aan die natuurbewaarders (**help / hulp**) verleen.
3. Die meeste mense dink net **af** en ____ daaraan om te (**help / hulp**).
4. Ons behoort besoedeling met **wortel en** ____uit te roei.
5. Hulle werk met **hart** en _____ aan die projek.
6. Hulle is baie **(opgewonde / opwindend)** oor die nuwe projek.
7. Hulle kom van **heinde** en _____ om die natuurskoon te geniet.


8. Daar was **om** en ____ dertig mense op die vergadering oor bewaring.


## 4. RED ONS BOME

**METODIEK:**



1. In die volgende aktiwiteit gaan julle paarwerk doen.
2. Julle gaan beurte maak om die boomborrels hardop te lees.
3. Julle gaan die woordblok of 'n woordeboek gebruik om woordeskat na te slaan.
4. Doen die taalvrae skriftelik.





**JY GAAN NOU DIE TAALOEFENING GEBASEER OP DIE TEKS, RED ONS BOME, SKRIFTELIK DOEN**
**Die onderstaande reëls kan jou daarmee help.**

## REËLS VIR DIE VERLEDE EN DIE TOEKOMENDE TYD.

► ONTHOU : Die WERKWOORD of HULPWERKWOORD is altyd in die TWEEDE POSISIE in die sin.

► Verlede tyd:
WOORDE SOOS: Gister, eergister, daardie dag, week / maand / jaar, destyds, vanmelewe, verlede jaar / maand / week, 'n jaar gelede, 'n rukkie gelede, onlangs, ens.

► Toekomende tyd:
WOORDE SOOS: môre, oormôre, die volgende dag / week / maand/ jaar, oor 'n rukkie, aanstaande week / maand / jaar, oor twee dae / weke / maande / jaar

► Teenwoordige tyd:
Woorde soos: nou, vandag, deesdae.

1. Gewone werkwoorde : Gebruik HET _____________ GE-werkwoord.
SAL _____________ werkwoord.
2. (Have) HET, Ek HET 'n hond.: HET _____________ GEHAD.
SAL ___________ HÊ.
3. IS, Hy IS siek. : WAS
SAL ____________ WEES.
4. Werkwoorde met BE-, GE-, HER-, ER-, ONT-, VER-, MIS-,
kry : HET ________________, maar nie 'n GE- nie.
Hy HET 'n boek ONTVANG.
5. Hulpwerkwoorde: WIL-WOU; SAL-SOU; KAN-KON; MOET-MOES

Wanneer ons die hulpwerkwoorde gebruik, gebruik ons nie het nie, want hulle het hulle eie verlede tyd.
Ek wil my jas aantrek. – Ek wou my jas aantrek / aangetrek het.

6. DAWN-REËL = DAN, AS, WANNEER en NOU verander na TOE in die verlede tyd. WANNEER ek moeg is, slaap ek. – TOE ek moeg WAS, HET ek GEslaap.
7. Peter Brown Loves and Kiss Girls – PROBEER, BEGIN, LAAT, KOM EN GAAN saam met 'n ander werkwoord in 'n sin, kry nie 'n GE- nie, maar die posisie bly dieselfde.

1 2 1 2
Ma PROBEER die kind AANTREK. – Ma HET die kind PROBEER AANTREK.

8. TWEE werkwoorde in 'n sin, geen GE-, maar die posisie bly dieselfde:

1 2 1 2
Hy SIEN die kinders AANKOM. – Hy HET die kinders SIEN AANKOM.

9. TWEE werkwoorde met EN verbind, wat jy gelyktydig kan doen, kry EEN GE-

1 2 1 2
Die meisie LOOP EN LAG. – Die meisie HET GEloop en LAG

10. TWEE werkwoorde met EN verbind wat jy nie gelyktydig kan doen nie, kry TWEE GE-'s:

1 2 1 2
Sy BREI en SKRYF 'n brief. – Sy HET GEbrei en 'n brief GEskryf.

**11.** **Deeltjiewerkwoorde; 'n Werkwoord wat geskei kan word, kry die GE- in die middel.**

**1 2 2 1**


**Die kind TREK sy klere AAN. – Die kind HET sy klere aanGEtrek.**
**Hy BLAAS die kers DOOD. – Hy HET die kers doodGEblaas.**

**12.** **Wanneer daar 'n INFINITIEF (OM TE) in 'n sin is, verander die werkwoord nie en dit bly laaste in die sin.**
**Hy LEER OM gereeld TE OEFEN. Hy HET GELEER om gereeld te oefen.**

**13.** **Onskeibare saamgestelde werkwoorde: Bly dieselfde in al die tye.**
**Hy HET die werk VOLTOOI. Ander: omhels, agtervolg,**

**14.** **Onskeibare werkwoorde met –ge: Leer hulle! Dit HET baie GEweerlig. Ander: waarborg, rangskik, glimlag, wantrou, huisves, baljaar, oordeel, raadpleeg, blinddoek.**

**5.**




**DOEN NOU DIE TAALVRAE SOOS AANGEDUI**


1. **Doen die eerste sin in A. in die teenwoordige tyd.**
2. **Doen die laaste sin in A. in die verlede tyd.**
3. **Begin die eerste sin in B so: Wel Jim, dit behoort ____________________ .**
4. **Begin die sin in nr. 1 so: In die verlede __________________________________.**
5. **Begin die sin in nr. 2 so: In die toekoms __________________________________.**
6. **Nr. 3: Gister ___________________________________________________________.**
7. **Begin dieselfde sin, nr. 3 so: Voedsel soos saad, vrugte, neute en sap _______.**
8. **Begin nr. 7 met: Water ______________________________________________ .**
9. **Nr. 8: In die verlede ______________________________________________ .**
10. **Nr. 9: Môre _______________________________________________________ .**
11. **Gee die meervoud van '<u>kleurstof</u>' in nr. 5.**
12. **Die meervoud van gas in nr. 1 is gasse. Wat is die meervoud van gas in die volgende sin? Ons kry vanaand (gas) ___ vir ete.**
13. **Watter ander woord in A is 'n sinoniem vir ongeveer?**
14. **Gee antonieme vir volwasse en belangrik. Wat beteken die voorvoegsel (premorfeem) wat jy gebruik het?**
15. **Vorm s.nwe. vir verrot en verryk. Watter agtervoegsel (postmorfeem) het jy gebruik? Die (verrot) ____ van die blare is kompos vir die grond. Die (verryk) __ van die grond laat plante groei.**
17. **As dit reën sê ons dis 'n (reën) ____ dag. Ons het dus 'n b.nw. gevorm. Ons praat ook van 'n (son) ____ dag of 'n (bewolk) ___ dag.**
18. **Gee 'n sinoniem vir sterf in nr. 7.**

**DOEN NOU DIE VOLGENDE SINNE SOOS AANGEDUI.**

1. **Wanneer hulle hout nodig het, saag die bosbouers die bome af. Daardie dag __**


2. Jim en Ansa staan en gesels oor die nut van bome. Gister _______ .
3. Die voëls het hulle neste in die bome gemaak. Nou _______ .
4. Ansa hoor hoe die wind deur die blare suis. Gister ________ .
5. Hulle probeer die natuur vir die nageslag bewaar. In die verlede ______ .
6. Daar is altyd baie werk vir natuurbewaarders om te doen. In die toekoms ___ .
   Gebruik dieselfde sin, maar begin met: Daardie jaar ______.
7. Die mense begin beter besef hoe belangrik ons aarde is. Verlede jaar ____ .
   Gebruik dieselfde sin en begin met: In die toekoms ________ .
8. Hulle moet eers voel, dan luister hulle eers. In die verlede _______ .
9. Ontwikkeling is soms 'n vyand van die natuur. In die verlede ________ .
10. Ons asem nie skoon lug in nie. In die verlede _______________ .

**Leer die bousteentjies van die taal**



| | |
|---|---|
| adults – volwassenes | enrich - verryk |
| anchor – anker | food - voedsel |
| artworks – kunswerke | important - belangrik |
| bark – bas | leaves - blare |
| branches / twigs – takke | medicine - medisyne |
| breathe – inasem / asemhaal | nuts - neute |
| carbon dioxide – koolsuurgas | oxygen - suurstof |
| conservation – bewaring | purify / pure - suiwer |
| cord / rope – tou | shade / shadow – skadu(wee) |
| decompose – verrot | skuiling - shelter |
| desert – woestyn | trunk - stam |

**AKTIWITEIT 2: Lees en kyk, luister en praat, skryf en aanbied en taal [LU1; LU2; LU3; LU4]**








Ons gaan in die volgende aktiwiteit

- taal in konteks doen
- navorsing doen
- 'n praatjie lewer
- 'n mini-ondersoek doen
- 'n plakkaat maak
- 'n advertensie doen

**HOE KAN ONS WATER BESPAAR?**

1. 


**'N PLAKKAAT OOR DIE BESPARING VAN WATER**




**METODIEK:**

1. Julle gaan elkeen 'n plakkaat maak. Dink eers goed oor wat jy gaan doen.
2. Die assesseringstabel sê vir jou waarna om op te let en
   Hoe jou onderwyser jou gaan beoordeel.

**RUBRIEK: PLAKKAAT**


| | 4 | 3 | 2 | 1 |
|---|---|---|---|---|
| **1. Trek jou plakkaat aandag: prente, kleur, uitleg, ens.? (d.w.s. die visuele aspek)** | | | | |
| **2. Het jy 'n goeie slagspreuk, versterkende woorde, alliterasie, ens. gebruik?** | | | | |
| **3. Is dit wat jy sê kort en kragtig, nie langdradig nie?** | | | | |
| **4. Sal die teikengroep op wie die plakkaat gemik is, belangstel?** | | | | |
| **5. Is die taalversorging goed: woordorde, spelling, leestekens, ens.?** | | | | |
| **TOTAAL 20 ÷ 2 = 10** | | | | |

**2.**




**DOEN DIE TAAL IN KONTEKS EN LEER WOORDESKAT**

1. Gee die korrekte woord vir die woorde tussen hakies. Die reëls kan jou help.



**TRAPPE VAN VERGELYKING**

**Adjektiewe kan trappe van vergelyking hê. (degrees of comparison)**

- **As ons vergelyk en daar is 'n <u>DIE</u> voor die adjektief, gebruik ons die DERDE TRAP. As daar 'n <u>AS</u> in die sin is, is dit die TWEEDE TRAP.**
- **Die meeste woorde kry –ER in die tweede trap en –STE in die derde trap.**
- **Daar is egter 'n paar reëls wat jy moet leer: Kyk na die volgende kolomme.**

| **WOORD** | **AS** | **DIE** |
|---|---|---|
| 1. vet *('n kort vokaal, moet kort bly)* | vetter as | die vetste |
| 2. bleek *(Eenl vokaal verval)* | bl<u>ek</u>er as | die bleekste |
| 3. hartseer *(As 'n woord op 'n r eindig, kry dit –der)* | <u>hartseerder</u> as | die hartseerste |
| 4. sag *(As 'n woord op 'n g eindig)* | sagter as | die sagste |
| 5. fluk<u>s</u> *(As 'n woord op 'n s eindig,sal dit 'n dubbel s (ss) hê)* | flukser as | die <u>fluksste</u> |
| 6. tevred<u>e</u> *(As 'n woord op 'n e eindig met meer as twee lettergrepe, kry dit meer en mees)* | <u>meer tevrede</u> as | die <u>mees tevrede</u> |
| 7. lan<u>k</u> en jonk *(As 'n woord op 'n k eindig, kry dit 'n –ger)* | langer / konger as | die langste / jongste |

8. LEER DIE VOLGENDE:

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| lief | liewer as | die liefste | bietjie | minder as | die minste |
| dof | dowwer as | die dofste | weinig | minder as | die minste |
| kwaad | kwater as | die kwaadste | baie | meer as | die meeste |
| kwaai | kwaaier as | die kwaaiste | naby | nader as | die naaste |
| droog | droër as | die droogste | goed | beter as | die beste |
| moeg | moeër as | die moegste | nuut | nuwer as | die nuutste |
| slu | sluer/sluwer | die <u>sluuste</u> | oud | ouer as | die oudste |
| leeg | leër as | die leegste | | | |

ONTHOU: Met HOE ____HOE gebruik ons die vergrotende trap.

Hoe <u>meer</u> hy lag hoe <u>beter</u> vir hom.



**Vul die regte vorm van die woorde tussen hakies in.**






1. Om inheemse bome te plant is (goed) ___ as om uitheemse bome te plant en hulle gebruik ook (min) ____ water.
2. Petra is die (fluks) ____ van al die kinders om die tuin nat te gooi, maar sy doen dit nie op die (warm) ___ tyd van die dag nie.
3. Sy voel (tevrede) ____ as Jim, die tuinier, met haar mooi tuintjie.
4. Moenie (baie) ___ water in die bad tap as wat nodig is nie.
5. Party tuinslange is (lank) ___ as ander.
6. Sorg dat jy krane (styf) ____ toedraai as dit drup.
7. Dit is (lekker) ___ om te stort as om te bad en so was jy jou buitendien die (skoon) ____ .







## BETREKLIKE VOORNAAMWOORDE





**In Engels beteken dit RELATIVE PRONOUNS. Die twee sinne wat verbind moet word is verwant aan mekaar; m.a.w. daar gaan meer inligting oor 'n gemeenskaplike (common/mutual) onderwerp in die tweede sin wees.**

**"who en which" = WAT in Afrikaans vir MENSE, DIERE en DINGE.**

**"with whom; to whom" etc. = met wie; aan wie; van wie; oor wie; deur wie; sonder wie, ens, slegs vir MENSE. ONTHOU: Ons gebruik NIE wie sonder 'n voorsetsel nie!**

**"through which; without which" = waardeur; waarsonder, waarmee; waarvoor; waaronder; waarsonder; waarteen, ens. slegs vir DIERE en DINGE.**


**ONTHOU: Jy mag NIE sê: in wat, oor wat, ens. nie.**

**Jy mag NIE sê: in dit, met dit, vir dit, ens. nie.**

**METODE:**

- **Besluit wat die gemeenskaplike onderwerp in albei sinne is.**
- **As daar nie 'n voorsetsel voor die onderwerp in die tweede sin is nie, gebruik WAT om die sin te verbind.**
  **DIE VROU is my niggie. SY kuier by ons.**
  **DIE VROU WAT by ons kuier, is my niggie.**
- **As daar 'n voorsetsel voor die onderwerp in die tweede sin is, gebruik die VOORSETSEL + WIE vir MENSE en WAAR + VOORSETSEL vir DIERE en DINGE.**
  **DIE SEUN strooi rommel. Ek praat MET HOM.**
  **DIE SEUN MET WIE ek praat, strooi rommel.**
  **DIE BOME verskaf skaduwee. Die leeus lê ONDER DIE BOME.**
  **DIE BOME WAARONDER die leeus lê, verskaf koelte.**
- **"Whose" = wie se vir MENSE en waarvan vir DIERE en DINGE.**
  **DIE VROU voel gelukkig. HAAR KINDERS is nie morsjorse nie.**

**DIE VROU WIE SE kinders nie morsjorse is nie, voel gelukkig.**





**DOEN NOU DIE VOLGENDE SINNE EN VERBIND DIT MET 'N BETREKLIKE VOORNAAMWOORD.**

1. **Papier word baie gebruik. Papier word van verpulpte hout gemaak.**
2. **Bome verskaf skaduwee aan diere. Diere lê onder bome.**
3. **Die tuinslang is lank. Hulle spuit die blomme met 'n tuinslang nat.**
4. **Die mense word morsjorse genoem. Die mense strooi oral rommel.**
5. **Die navorsers doen baie vir die wêreld. Ons behoort dankbaar vir hulle te wees.**
6. **Die kunswerke is alles uit hout gesny. Ons kyk na die kunswerke.**
7. **Die neste (in wat) ______ voëls bly, word gewoonlik in bome gemaak.**
8. **Ons kap bome af. Ons maak vuur (met dit) _____ .**
9. **Ons hou (van dit) _____ om in die tuin te speel.**
10. **Water (vir wat) _____ ons moet betaal, kan soms baie skaars raak.**




**3.** **Jy gaan nou NAVORSING DOEN en 'n PRAATJIE voorberei wat jy in die klas gaan lewer.**

Jy het alreeds baie feite, maar slaan na op die internet, artikels lees, ens.




Kies **EEN** van die volgende:


1. **Water is uiters belangrik vir lewe.**
2. **Bewaar ons lewensbronne.**
3. **Besoedeling maak ons aarde dood!**
4. **Herwinning - hoe kan ons dit doen?**



**METODIEK:**

1. Samel genoeg inligting in.
2. Onthou wie jou teikengroep, doel en onderwerp van jou praatjie is.
3. Sorg dat hoofgedagtes logies op mekaar volg.
4. Dis baie goed om sleutelkaarte te maak.
5. Praat entoesiasties en moenie dit lees nie.
6. Oogkontak, lyftaal, intonasie, ens. is baie belangrik.
7. Jou onderwyser(es) gaan jou assesseer. Kyk weer na die assesseringsrubriek op bl. 26.

**4.**




**LEES NOU DIE VOLGENDE STROKIESPRENT. BEANTWOORD DAN DIE VRAE**

**METODIEK:**

1. Dit is 'n lekker oefening om rollees te doen. Julle het dit reeds voorheen gedoen en weet waarna julle moet oplet. Jou onderwyser sal jou assesseer.


## HERWIN MAAK BESOEDELING MIN!




**VRAE**

1. Wat kan ons daaruit aflei dat sy spesifiek "glasbottels" noem? (1)
2. Haal EEN woord aan om aan te toon watter sportsoort Sipho beoefen. (1)
3. Watter woord sê vir ons dat hy onmiddellik wil begin? (1)
4. Waar kan hy meer inligting bekom? (1)
5. Haal EEN woord aan wat aandui dat sy besield is. (1)
6. Wat moet nuwe lede van skool-ekoklub doen? (1)
7. Watter drie dinge waarmee jy geld kan verdien, word hier genoem? (3)
8. Wat of wie is Mondi? (1)
9. Wat is 'n igloe eintlik en waarom word die houers igloes genoem? (2)
10. Haal DRIE opeenvolgende woorde aan wat aandui dat hulle goed sal saamwerk. (1)
11. Sê of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Gee 'n rede vir jou antwoord deur jou eie sinne te gebruik. (2)

TOTAAL (15)


**5.** 


**ADVERTENSIE VAN KOMPETISIE**

**Vir die volgende opdrag gaan julle in pare werk, net soos Sipho en Sandra. Julle gaan die kompetisie waarvan in die strokiesprent gepraat word, adverteer. Julle onderwyser(es) gaan julle advertensie**  **assesseer.**

**METODIEK:**

1. Onthou die KOP van die advertensie is baie belangrik en moet die oog vang.
2. Al die inligting moet daar wees: Wanneer, waar, hoe?
3. Die uitleg is baie belangrik: rangskikking, visuele aspekte soos kleur, prente, ens.
4. Taalversorging soos woordorde, spelling en leestekens moet baie aandag geniet.
5. Versterkende woorde, rym, alliterasie, assonansie, ens. kan doeltreffend gebruik word.
6. Onthou wie die teikengroep is, want hulle moet dit raaksien.



**RUBRIEK**

| **Waardes: Uitstekend = 5; Baie goed = 4; Goed = 3; Redelik = 2; Kan verbeter = 1** | **5** | **4** | **3** | **2** | **1** |
|---|---|---|---|---|---|
| ● **Logo, hoofopskrif, visuele aspekte** | | | | | |
| ● **Noodsaaklike inligting** | | | | | |
| ● **Taalversorging en doeltreffende gebruik van rym, versterkte vorm,alliterasie, assonansie, ens.** | | | | | |
| ● **Uitleg en geheelindruk** | | | | | |
| **TOTAAL 20 ÷ 2 = 10** | | | | | |

## 6. BEWAAR ONS EKOSISTEME


Die ekosisteem is soos 'n groot familie wat saamwoon en afhanklik is van mekaar en mekaar en die omgewing beïnvloed. Die verskillende organismes leef saam, plant voort en is van mekaar afhanklik vir hulle voedsel. (Biologie) Hulle leef ook in verwantskap met die grond, water en lug. (Aardrykskunde)





**Om die volgende opdrag te doen, moet jy goed na die prentjie kyk en jou <u>eie interpretasie</u> daarvan gee. Skryf 'n paragraaf van 10-15 reëls.**

**METODIEK:**

1. **Werk in 'n groep.**
2. **Kyk goed na die prentjie en maak eers notas oor hoe die ekosisteem werk.**
3. **Skryf nou jou eie interpretasie.**
4. **Gebruik dan die rubriek om jou maat se paragraaf te assesseer.**



**As ons iets hieruit wegneem is die balans versteur.**




**<u>GEBRUIK</u> DIE RUBRIEK OM JOU MAAT SE PARAGRAAF TE ASSESSEER.**




**Kan die leerder die prent oor die ekosisteem interpreteer en 'n paragraaf daaroor skryf?**


| LEERDER:______________________ | DATUM: ____________ | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | Uitste-kend | Baie goed | Goed | Rede-lik | Kan beter |
| Kriteria: Waarna moet jy oplet? | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| • Hoe hanteer hy / sy die onderwerp? | | | | | |
| • Vorm die paragraaf 'n geheel? | | | | | |
| • Woordeskat en spelling? | | | | | |
| • Taalbeheer: Woordorde en sinsbou korrek? | | | | | |
| TOTAAL: 20 ÷ 2 = 10 | | | | | |

## 7. DOEN DIE MINI-ONDERSOEK

| **IS JY 'N MORSJORS?** | **Ja** | **Nee** |
|---|---|---|
| 1. Sien jy dit raak as 'n plek vol rommel is en hinder dit jou? | | |
| 2. Gooi jy jou leë koeldrankblikkies sommer in die straat of in die veld weg ? | | |
| 3. Gooi jy lekkergoedpapiertjies op die skoolgrond of langs die vullisblik of sommer enige plek weg? | | |
| 4. Tel jy papiere in die straat op as jy daaroor moet loop ? | | |
| 5. Tel jy uit jou eie papiere in die klas op? | | |
| 6. Laat jy sommer jou bus- en fliekkaartjies val as jy klaar daarmee is? | | |
| 7. Gooi jy jou snippers van prente wat jy uitgesny of opgefrommel het in 'n snippermandjie? | | |
| 8. Sal jy ander leerders se gemors en rommel op die skoolgrond optel ? | | |
| 9. As jy in jou kamer leë boksies of papiere of blikkies het, los jy dit daar sodat iemand anders dit kan optel ? | | |
| 10. Het jy al vir iemand wat rommel strooi gevra om dit nie te doen nie of om dit op te tel? | | |




**Jy sal self weet wat die regte ding is om te doen. Daar behoort min of meer dieselfde aantal nee's as ja's te wees.**




**DOEN DIE SINNE SOOS AANGEDUI:**

1. Het jy al vir iemand wat rommel strooi gevra om dit nie te doen nie? Nee, . . .
2. Die mense hou daarvan om rommel te strooi. Vroeër ______
3. Ma vra: "Gooi jy jou fliekkaartjies sommer op die vloer?" Ma vra ________
4. Plastieksakke moenie in die veld gegooi word nie. Plastieksakke behoort ____
5. Sipho vra: "Thandele, kan ek ook lid van die eko-klub word?" Sipho vra _____
6. "Waarom weet jy so baie van bewaring?" vra Sipho. Sipho vra ____
7. Hoe (naby) ____ hulle aan die waarheid kom, hoe (bang) ___ word hulle.
8. Aardverwarming kan ons hele wêreld verander. Ons hele wêreld _____
9. Bewaring van ons wêreld, diere en plante, moet deel van ons leefwyse word. In die toekoms ______
10. Baie diere moet van uitwissing gered word. Baie diere behoort ______



**EENHEID 4**

## ROER JOU POTE OP DIE MAAT VAN NOTE!


**MUSIEK speel 'n groot rol in ons lewens. Dis 'n vorm van ontspanning, maar ook van kommunikasie.**

**AKTIWITEIT 1: Lees en kyk [LU2]; Taal [LU4]**





Ons gaan in hierdie aktiwiteit

- ons woordeskat en taalkennis uitbrei
- verstaan hoe verskillende instrumente lyk, hoe dit gebruik word en hoe dit werk.




**METODIEK:**

1. Lees die artikel oor musiekinstrumente goed deur.
2. Beantwoord die vrae om jou woordeskat en taalkennis uit te brei.
3. Teken dan die tabel in jou werkboek oor en voltooi korrek.
4. Jou maat gaan jou werk assesseer volgens die rubriek onderaan die tabel.




**Blaasinstrumente;**

Dit is gewoonlik van hout, riete of koper gemaak. Die tradisionele Afrika-blaasinstrumente word van riete en horings gemaak en word *impempe* en *umtshingo* genoem. Om verskillende klanke voort te bring, word daar op die instrument geblaas terwyl vingers oor klein gaatjies beweeg. Koperinstrumente, soos die trompet en saxofoon het lang, tregtervormige buise. Koperinstrumente word gespeel deur lippe op die mondstuk te vibreer.



**Strykinstrumente / snaarinstrumente:**

Die bekendste snaarinstrument is die kitaar. Die snare van hierdie instrument bring die klanke voort as jy dit met jou vingers stryk of pluk. Strykinstrumente soos die viool en tjello word met 'n strykstok gestryk. *Uhadi* en *Umhrubhe* is plaaslike voorbeelde van snaarinstrumente.



**Die klawerbord:**

Die klawerbord het rye note wat elk 'n verskillende klank het. As 'n klavier se noot gedruk word, slaan 'n klein houthamertjie 'n snaar om die klank te maak. 'n Orrel se klank word voortgebring deur lug wat deur pype gepomp

word. Deesdae gebruik musiekgroepe elektroniese klawerborde wat 'n wye verskeidenheid klanke het.




**Slaginstrumente:**

Hierdie instrumente kan in twee groepe verdeel word.

- Die eerste groep is dié wat met bereide diervelle (trommelvel) gemaak word. Daar is byvoorbeeld die *Ngoma trom* wat deur die Vendas gebruik word, die keëlvormige *Djembe trom* wat in Wes-Afrika gebruik word en die *Isigubhu* van die Zulus.
- Die tweede groep is dié sonder die bereide diervelle soos die rammelaar, marimbas van Suidelike Afrika en marakkas van Suid-Amerika.



Tromme speel 'n belangrike rol in ons kultuur. Dit word tydens religieuse seremonies gebruik om dansers te begelei en Sangomas slaan op tromme om met hule voorvaders te kommunikeer.




**WOORDESKAT en TAALKENNIS**

1. **Gee antonieme vir:**
   gewoonlik ___ verskillend ___
2. horings: **Voltooi die uitdrukking:** Hy pak die bul _______. Sê in jou eie sin(ne) wat die uitdrukking beteken.
   **Voltooi ook die volgende idiomatiese uitdrukkings en sê wat dit beteken:**
   - Die arme outjie speel altyd ___ viool.
   - Hy speel altyd ___ viool, want almal doen wat hy sê.
   - 'n Ou viool kan ook nuwe ___ speel.
   - Vandag gaan die poppe ___!
   - Hy is siek en sat om na iemand anders se ___ te dans.
   - Hy sing nou 'n ander ___; hy is nie meer so seker van sy saak nie.
   - Hy ___ altyd sy eie beuel.
   - Ek is siek en sat van die ___ van Jeremia!





3. riete: Ken jy die uitdukking wat beteken om **gou te maak**?
   Voltooi: ___ jou riete!
   Wat sê 'n mens as iemand **baie maer** is en vreeslik **bewe**?
   Sy is so maer soos 'n ___ .
   Hy bewe soos 'n ___.


Hoekom, dink jy, word iemand wat baie maer is en baie bewe met 'n riet vergelyk?


4. Soek die **betekenisse** van die volgende woorde in jou **woordeboek** op.

| | | | |
|---|---|---|---|
| klanke | ___ | note | ___ |
| houthamertjies | ___ | verskeidenheid | ___ |
| begelei | ___ | voorvaders | ___ |

5. Kies die **beste beskrywing** vir iets wat **keëlvormig** is
   - rond
   - vierkantig
   - tregtervormig
6. **Gee 'n antoniem vir:** wye ___
7. geblaas: Ons sê die wind het ___, maar die kind het sy kersies uit___; die man het die trompet ___.
8. **gaatjies** is die verkleining van ___.
9. Die vrou het die wasgoed gewas en daarna met 'n strykyster ___.
   Weet jy nou wat **gestryk** beteken?


**Voltooi die onderstaande tabel deur die nodige inligting in te vul.**

| | Gee EEN voorbeeld van hierdie instrument | Noem EEN of TWEE liggaamsdele wat die klank voortbring | Beskryf die instrument. Noem ten minste 1 of 2 eienskappe | Beskryf hoe klank voortgebring word |
|---|---|---|---|---|
| Blaasinstrumente  | | | | |
| Strykinstrumente  | | | | |
| Slaginstrumente  | | | | |



**ASSESSERING:** Ruil jou werk met jou maat en sien mekaar s'n volgens die onderwyser se memorandum na.

**AKTIWITEIT 2: Lees en kyk [LU 2]; Luister en praat [LU1]; Taal [LU4]; Skryf en aanbied [LU3]**




In hierdie aktiwiteit gaan ons

- twee artikels lees en die musikante vergelyk
- voegwoorde korrek gebruik
- sinne oorskryf na die lydende vorm
- antonieme gee
- vaste uitdtukkings voltooi
- samestellings vorm
- afkortings uitskryf
- vraagwoorde gebruik
- 'n resensie skryf



**BOB MARLEY**

Bob Marley se vader was 'n wit seekaptein, Norval Marley, en sy ma 'n Jamaikaanse meisie, Cedalla Booker. Robert Nesta Marley is op 6 Februarie 1945 in sy oupa se huis gebore. Nie lank na sy geboorte nie, het Bob se pa hulle verlaat. Hy het hulle egter finansieel bygestaan en af en toe sy seun kom besoek. Hy en sy ma trek van St Ann na 'n plakkerskamp in Trenchtown, Kingston. Sy ma het nie genoeg verdien om 'n gesin te voed nie.

Sy musiektemas het die jeug van die plakkerskamp uitgebeeld. Teen hierdie tyd was Rastafarianisme baie gewild in Jamaika en hoe meer sy musiek deur Rastafarianisme beïnvloed is, hoe nader aan Reggae het dit beweeg. Reggae het ontstaan as 'n mengsel van Afrika-ritmes en die musiek van swart Amerikaanse ritme en "blues". Rastafariërs glo dat swartmense moet terugkeer na Afrika, hulle eet nie vleis nie, drink nie alkohol nie, maar hulle rook dagga, bekend as ganja (marijuana). Hulle glo dat hierdie dwelm hulle nader aan die god, Jah, sal bring. Die tipiese Bob Marley- haarlokke is ook 'n Rastafariaanse identiteit. Die meeste Reggae-liedjies het 'n sterk, sosiale boodskap. Dit gaan oor die vryheidstryd – bevryding van armoede en onderdrukking.

Bob Marley se musiek was regoor die wêreld op die trefferlyste. Tydens een van sy musiektoere in London het hy sy toon beseer toe hy voetbal gespeel het. Die besering is as kwaadaardig gediagnoseer, maar hy is die versekering gegee dat die kanker nie sou versprei as die toon afgesit word nie. Dit was egter teen sy Rastafariaanse geloof om mediese hulp te ontvang. Hy het geglo God sou na hom omsien.

Hy het die uitnodiging na die onafhanklikheidsviering in Zimbabwe deur president Mugabe as 'n groot eer beskou. Hy was verbaas toe hy besef het dat die Zimbabwiërs die woorde van sy liedjies beter as hulle eie volkslied geken het.

Bob Marley se musiekloopbaan het rooskleurig gelyk, maar sy gesondheid was besig om te kwyn. Op 11 Mei 1981 is hy op 36-jarige leeftyd aan kanker oorlede. Hy word nog as een van die beste musikante van dié era beskou.

**EMMANUEL JAL**

As kind het hy geleer om oorlog te maak. Emmanuel, wat 'n kindersoldaat in Suid-Soedan was, het uiteindelik sy masjiengeweer vir 'n mikrofoon verruil.

Hy was drie jaar oud toe die burgeroorlog in 1983 uitbreek. Sy pa, 'n staatsamptenaar, het na die Soedanse Volksbevrydingsleër oorgeloop en hy en sy ma het gevlug toe regeringstroepe hul dorpie aanval. Vier jaar later is hy deur rebelle gewerf. Hy en duisende ander kinders is gedwing om al die pad Ethiopië toe te loop. Dié wat nie kon bybly nie, is agtergelaat. Party kinders is deur wilde diere opgevreet, ander het van honger en dors gesterf. Ná twee maande het hulle by 'n rebellebasis in Ethiopië aangekom. Daar was nog nie oorlog nie en die kinders kon skoolgaan. Emmanuel was agt jaar oud. Die rebelle het gevra wie soldate wou word en almal het aangemeld, want die regering het hulle familielede en vriende doodgemaak en hulle wou wraak hê. Die kinders het geleer om met AK 47 – gewere te skiet, landmyne te stel en hoe om dit te vermy en om dorpies aan te val. Emmanuel sê hy was nie 'n goeie soldaat nie, want hy was altyd bang om die sneller te trek.


In 1991 is duisende kindersoldate terug Soedan toe gestuur. Toe hulle in Juba, 'n groot dorp in die Suide aankom, het omtrent 400 kinders besluit om te vlug. Die kinders het egter groot teenspoed ondervind. Hulle het nie kos of water gehad nie, die lugmag het hulle met vliegtuie en helikopters aangeval, party is opgeblaas en ander het selfmoord gepleeg. Emmanuel glo sy geloof het hom deurgedra. Gelukkig het 'n noodleningswerker op die kinders afgekom en hy is uiteindelik terug skool toe in Nairobi.

Hier het sy liefde vir musiek ontwaak. Die meeste van sy liedjies was gospel, want hy wou die Here dank dat hy oorleef het. Hy beskryf sy groot treffer, "Gua", as 'n gebed vir vrede. Musikaal is dit 'n mengsel van Afrika- en Westerse pop, met 'n Arabiese klank wat eie aan lande in die horing van Afrika is. Die lirieke is in Nuer, sy moedertaal, en Engels en word in rap-styl aangebied. Rap of kletsrym het oorspronklik in die Verenigde State van Amerika onder


Bendelede ontstaan. Hulle wou vir die wêreld wys hulle het ook 'n stem. Kletsrym is meestal rebels en waaghalsig. Dit gaan oor probleme in die gemeenskap en woorde wat uittart word gebruik. Kletsrym is soos graffiti, maar waar graffiti verf gebruik, gebruik kletsrym woorde en ritme.

Emmanuel se droom was besig om waar te word. Toe die burgeroorlog in Suid-Soedan beëindig is, het duisende vlugtelinge teruggekeer. Emmanuel het die Gua Afrika-stigting begin om geld vir die rehabilitasie van kindersoldate in te samel. Emmanuel sê musiek is die enigste taal wat grense oorskry. Dit gee hoop – en dis wat nodig is.

**WOORDESKATUITBREIDING**
**METODIEK:**




1. Pas die woorde wat dieselfde beteken bymekaar.
2. Doen dit eers mondelings en daarna skriftelik.
3. Skryf die woord met die regte betekenis langsaan in jou werkboek.
4. Gebruik 'n verklarende woordeboek.



**BOUSTEENTJIES**

| A | B | A | B |
|---|---|---|---|
| 1. aangemeld | jongmense | 19. kwyn | dood |
| 2. aanval | skets / beskrywe | 20. omsien | omruil |
| 3. afgesit | populêr | 21. onafhanklik | agteruitgaan |
| 4. beïnvloed | lang haarkartels | 22. oorlede | begin / ontstaan |
| 5. beseer | vrymaak | 23. ontwaak | wegloop vir gevaar |
| 6. besef | onderdrukking | 24. plakkerskamp | begin veg |
| 7. bevryding | uitvoerings | 25. regering | gerekruteer |
| 8. eer | seermaak / wond | 26. teenspoed | verplig |
| 9. gedwing | kankeragtig | 27. verbaas | dood |
| 10. geloof | waarborg | 28. verdrukking | aangesluit |
| 11. gesterf | verder gaan | 29. vermy | bewind |
| 12. gevlug | godsdiens | 30. versekering | wreek |
| 13. gewerf | sorg vir | 31. versprei | ontwyk |
| 14. gewild | probleme wat opduik | 32. vertonings | wakker word |
| 15. grense oorskry | selfstandigheid | 33. uitbreek | te buite gaan |
| 16. haarlokke | voel gevlei | 34. uitgebeeld | afsny |
| 17. jeug | verstom | 35. verruil | bly sonder verlof |
| 18. kwaadaardig | begryp / goed verstaan | 36. wraak | invloed uitoefen |




**ASSESSERING:** Die opvoeder gaan assesseer volgens die volgende kriteria.

- **Kon julle die woord en die regte betekenis bymekaar pas?**


**Vergelyk die twee sangers deur die tabel te voltooi.**

| | BOB MARLEY | EMMANUEL JAL |
|---|---|---|
| Wie was sy vader? | | |
| Wat was die rede dat sy vader hulle verlaat het? | | |
| Waar word hy groot? | | |
| Waardeur word sy musiek veral beïnvloed? | | |
| Beskryf sy tipe musiek en die grootste dryfkrag daaragter. | | |
| Noem een aspek wat die twee gemeen het | | |




**ASSESSERING:** **Julle opvoeder gaan julle volgens die onderstaande tabel assesseer?**


| | 0 Presteer nie | 1 Elementêr | 2 Redelik | 3 Taamlik goed | 4 Goed | 5 Baie goed | 6 Uitste-kend |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Toon begrip van Teks | Verstaan nie die teks nie | Verstaan baie keer nie die teks nie | Voldoen-de begrip van teks | Bevredi-gende begrip van teks | Baie goeie begrip van teks | Baie goeie begrip van teks | Uitste-kende begrip van teks |
| Vermoë om feite te identifiseer | Kan byna nooit feite identifi-seer nie | Kan die meeste feite nie identifi-seer nie | Kan enkele feite redelik identifi-seer | Kan 50% van die feite identifi-seer | Goeie identifi-sering van feite | Baie goeie identi-fisering van feite | Al die feite uitste-kend geïden-tifiseer |
| Taalgebruik | Nie in staat om taal korrek te gebruik nie | Kan selde taal korrek gebruik | Voldoende taal-gebruik | Gebruik taal die meeste van die tyd korrek | Goeie taalgebruik | Baie goeie taal-gebruik | Uitste-kende taal-gebruik |




**TAALOEFENINGE: METODIEK:**

1. Kyk weer goed na die onderstaande taalreëls voordat jy die daaropvolgende taal in konteks in jou werkboek doen.
2. Verwys ook na die leesstukke om die betekenis van woorde en sinne te identifiseer.



| VOEGWOORDE | | |
|---|---|---|
| **GROEP 1** | **GROEP 2** | **GROEP 3** |
|  | <br> | <br> |
| **Ons is vriende** | **Ons is verlief** | **Ons haat mekaar** |
| Woordorde bly dieselfde | Werkwoord staan direk langs die voegwoord | Werkwoord staan aan die einde van sin |
| **Bv. Natalie ry per bus.**<br>**(MAAR)**<br>**Jakes loop te voet.**<br>**Natalie ry per bus MAAR Jakes loop te voet.**<br>.<br>**, maar** *(but)*<br>**, of** *(or)*<br>**, want** *(because)*<br>**en** *(and)*<br>**, dog** *(yet)*<br>**sowel . . . as** *(both . . . and)*<br>**; inteendeel,** *(on the contrary)*<br>**; trouens,** *(in fact)*<br>**óf . . . óf** *(either . . . . or)*<br>**nóg . . . nóg** *(neither . . . nor)*<br><br>**ONTHOU: MOWED**<br>**SIT**<br>**ON** | **Bv. Natalie ry per bus.**<br>**(AL)**<br>**Jakes loop te voet.**<br>**Natalie ry per bus; al loop Jakes te voet.**<br><br>**; dus** *(therefore)*<br>**; daarom** *(therefore)*<br>**; derhalwe** *(therefore)*<br>**; anders** *(otherwise)*<br>**, dan** *(then)* →**,toe (Verlede Tyd)**<br>**; daarna** *(after that)*<br>**; intussen** *(meanwhile)*<br>**; nogtans** *(nevertheless)*<br>**; gevolglik (consequently)**<br>**, al** *(although)*<br>**; nietemin** *(nevertheless)*<br>**; tog** *(yet)*<br><br>LET WEL:<br>**Plaas 'n kommapunt voor almal, behalwe voor al, dan en toe wat kommas kry.**<br><br>**ONTHOU: 3 D's ; ADDING ; ANT** | **Bv. Natalie ry per bus.**<br>**(OMDAT)**<br>**Sy wil nie te voet loop nie.**<br>**Natalie ry per bus OMDAT sy nie te voet wil loop nie.**<br><br>**dat** *(that)*<br>**totdat** *(until)*<br>**voordat** *(before)*<br>**nadat** *(after that)*<br>**sodat** *(so that)*<br>**omdat** *(because)*<br>**as** (*if*) → **toe (Verlede Tyd)**<br>**wanneer** *(when)* → **toe (Verlede Tyd)**<br>**of** *(if / whether)*<br>**terwyl** *(while)*<br>**alhoewel** *(although)*<br>**aangesien** *(seeing that)*<br>**sedert** *(since)*<br>**tensy** *(unless)*<br>**mits** *(provided that)*<br>**asof** *(as if)*<br>**waarom; hoe, ens.**<br>**wat** *(who / which)*; **wie se; met wie; waarop; waarin, ens.**<br>**hoekom** *(why)* |

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG



**LYDENDE EN BEDRYWENDE VORM**
*(Passive and Active Voice)*

(Hy ly)



***Hy word deur die polisieman geboei***

**WANNEER SKRYF JY DIE SIN IN DIE LYDENDE VORM? – AS DIE SIN MET DIE VOORWERP BEGIN!**

1. **ONTHOU: Al die werkwoorde kry GE- in al die tye!**

| T | Object | X | When? | How? | Subject | Where? | Verb+ge | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **eenwoordige tyd** | **Voorwerp** | **word** | **Tyd** | **Wyse** | **Deur Onderwerp** | **Plek** | | |
| **oekomende tyd** V | **Voorwerp** | **[ sal kan ] moet, gaan behoort hoef** | **Tyd** | **Wyse** | **Deur Onderwerp** | **Plek** | **[ ge- ]** **ge- "te" voor word** | **word** |
| **erlede tyd** | **Voorwerp** | **het is** | **Tyd** | **Wyse** | **Deur Onderwerp** | **Plek** | **ge-** | |

2. **Voornaamwoorde** *(pronouns)* **sal verander**
   **HY verander na → deur HOM**
   **SY verander na → deur HAAR**
   **EK verander na → deur MY**
   **Jy verander na → deur JOU**


3. **As die sin 'n opdrag** *(command)* **is:**
   Daar word 'n **MOET** *(must)* **VOOR** die ge- (werkwoord) geplaas.

4. **Vrae** *(Questions)* **word só in die Lydende vorm gedoen.**

| | |
|---|---|
| Wie boei die dief? | **Deur wie word die dief geboei?** |
| Wie het die dief geboei? | **Deur wie is die dief geboei?** |
| Wie sal die dief boei? | **Deur wie sal die dief geboei word?** |
| Boei die man die dief? | **Word die dief deur die man geboei?** |
| Het die man die dief geboei? | **Is die dief deur die man geboei?** |
| Sal die man die dief boei? | **Sal die dief deur die man geboei word?** |




5. **As daar TWEE hulpwekwoorde in die sin is, skryf ons dit só:**
   *If a sentence has **TWO auxiliary verbs**, we write it as follows:*
   Hulle **SAL** die polisie gou **MOET bel**.
   Die polisie **SAL** gou deur hulle gebel **MOET** word.
   **(Die tweede hulpwerkwoord kom DIREK VOOR WORD!)**



6. **"DAAR"** word gebruik as daar **geen ONDERWERP** is nie.
*"DAAR" is used when there is **no SUBJECT.***
Sy skree hard.
**Daar** word hard deur haar geskree.

7. **As daar BEHOORT of HOEF in die tweede posisie is**

Hy **BEHOORT** elke aand die deure te sluit.
Die deure **BEHOORT** elke aand deur hom gesluit **te word**.
Hulle **HOEF** nie die inbrekers **te skiet** nie.
Die inbrekers **HOEF** nie deur hulle geskiet **te word** nie.



## SAMESTELLINGS

- **Twee of meer woorde kan aanmekaar gelas word om 'n samestelling te vorm.**
- **Dit word altyd as een woord geskryf.**
- **Let op dat die tweede woord van die samestelling nooit verander nie.**




## AKRONIEME en AFKORTINGS

- **Die woord VIGS staan bekend as 'n akroniem of letterwoord. Dit is woorde wat saamgestel is uit beginletters van twee of meer woorde. Akronieme kry nie punte nie.**
- **Afkortings word gebruik wanneer lang woorde verkort word, byvoorbeeld (bv.) km/h vir kilometer per uur.**

**Leer die volgende afkortings en akronieme:**

| | | | |
|---|---|---|---|
| afd. | Afdeling | eks. | eksamen |
| ANC | African National Congress | ens. | ensovoorts |
| antw. | antwoord | Eur. | Europa |
| ASA | Atletiek Suid-Afrika | faks. | faksimilee |
| b.o. | blaai om | fakt. | faktuur |
| bl. | bladsy | g | gram |
| CD | kompakskyf (compact disk) | getr. | getroud |
| cm | sentimeter | gr. | graad |
| CV | curriculum vitae | h.v. | hoek van |
| d.i. | dit is | LW | Let Wel |
| d.w.s. | dit wil sê | me. | titel vir vrou |
| DBV | Dierebeskermingsvereniging | nr. / no. | nommer |
| Do. | Donderdag | Pk. | Poskantoor |




**Doen nou die onderstaande geïntegreerde taaloefeninge in jou werkboek en gebruik die daaropvolgende assessering kriteria om jou werk te assesseer.**

**1. Verbind die onderstaande sinne met die voegwoord tussen hakies.**

1.1 Hy wou nie mediese behandeling hê nie
Dit was teen sy geloof. **(omdat)**

1.2. Sy musiek het nader aan Rastafarianisme beweeg.
Dit het nader aan Reggae beweeg. **(Hoe . . . hoe)**

1.3 Die kanker sou versprei.
Sy toon word afgesit. **(tensy)**

1.4 Hulle drink nie alkohol nie.
Hulle rook dagga. **(Begin met Alhoewel)**

1.5 Emmanuel en sy ma het gevlug.
Regeringstroepe het hulle dorpie aangeval. **(toe)**

1.6 Party kinders kon nie byhou nie.
Party kinders is deur wilde diere opgevreet. **(Begin met Omdat)**

1.7 Hulle wou wraakneem.
Hule is geleer om met AK 47-gewere te skiet
en landmyne te stel. **(aangesien)**

1.8 Hulle is geleer om met AK 47-gewere te skiet en landmyne te stel.
Begin so: Nie alleen . . ., maar ook . . .

1.9 Emmanuel se liedjies was Gospel.
Hy wou die Here dank dat hy oorleef het. **(Begin met Omdat)**

1.10 Dit was hulle manier om vir die wêreld te wys.
Hulle het ook 'n stem. **(dat)**

**2. Skryf die volgende sinne oor soos aangedui.**

2.1 In Kletsrym gebruik hulle woorde en ritme.
**Woorde en ritme**

2.2 Regeringstroepe het daardie dag hulle dorpie aangeval.
**Hulle dorpie**

2.3 Die rebelle het die kinders gevra wie soldate wou word.
**Die kinders**

2.4 Die regering het tydens die aanvalle hulle familielede doodgemaak.
**Hulle familielede**

2.5 Hulle rook dagga om nader aan hulle geloof te wees.
**Dagga**

2.6 Sy kon nie haar gesin voed nie.
**Haar gesin**

2.7 Rastafariërs mag nie vleis eet nie.
**Vleis**

2.8 Die Zimbabwiërs sal die Volkslied sing.
**Die Volkslied**

2.9 Wie het Bob Marley Zimbabwe toe genooi?
**Deur**

2.10 Hy sing liedjies oor die vryheidstryd.
**Liedjies oor die vryheidstryd**

**3. Kies telkens die korrekte woord of gee die regte vorm van die woord. tussen hakies.**

3.1 Emmanuel Jal **(is; was)** in 1980 gebore en Bob Marley **(is; was)** in 1981 oorlede. Bob Marley was slegs 36 **(jaar; jare)** oud toe hy dood **(was; is)**

3.2 Bob Marley het mediese **(help; hulp)** geweier toe hy uitvind hy **(lei; ly)** aan kanker.

3.3 Mense reg oor die wêreld **(ken; weet)** Bob Marley se musiek en hulle **(ken; weet)** wat sy musiek **(bedoel; beteken)**

3.4 **(Binnekort; Kortliks)** was Emmanuel se liedjie, "Goa" op die trefferlys.

3.5 Bob Marley se ma kon nie haar gesin **(voet; voed)** nie.

3.6 Bob Marley het nie **(styl; steil)** hare gehad nie en die **(styl; steil)** van sy hare was eie aan hom.

3.7 Hulle was albei **(goed)** musikante.

3.8 Emmanuel was gelowig en het baie **(gebed)**.

3.9 In die **(gelede; verlede)** was daar baie **(beroemd)** musikante.

3.10 Bob Marley was **(interessant)** in die Rastafariaanse geloof. Hy het **(belowe; geglo)** dat sy geloof hom sou genees.

3.11 Bob Marley was die **(oud)** van die twee.

3.12 Nie een van die twee was **(bederf)** kinders nie.

3.13 Mediese **(hulp; help)** was vir Bob Marley **(verbied)**.

3.14 Die **(oorly)** Bob Marley is nog steeds **( baie beroemd)**.

3.15 Hulle was albei **(vasbesluit)** om suksesvol te wees.

3.16 Hulle **(sing)** was baie gewild en dit was 'n **(geniet)** om na hulle musiek te luister.

3.17 Bob Marley se pa het **(finansieel)** hulp verleen.

3.18 Bob Marley se ma was 'n **(Jamaika)** meisie.

3.19 Mense het Bob Marley maklik **(herken; erken)** aan sy tipiese haarlokke.

3.20 Rastafariërs het geen **(drink)** gebruik nie; dus was Bob Marley nie 'n **(dronk)** nie.

**3. Gee telkens 'n woord met die teenoorgestelde betekenis van die onderstaande woorde. Maak seker jy weet wat elkeen beteken!**

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| aanval | ___ | armoede | ___ | bekend | ___ |
| beroemd | ___ | jeug | ___ | oorlog | ___ |
| oorsaak | ___ | oorwinning | ___ | voordeel | ___ |
| waar | ___ | | | | |

**4. Voltooi die volgende uitdrukkings.**

5.1 Bob Marley se pa het **af en** ___ vir hulle geld gestuur.
5.2 Die kinders moes met **dapper en** ___ Euthiopië toe gaan.
5.3 Sy ma het deur **dik en** ___ by hom gestaan.
5.4 Hy was **hart en** ___ by sy musiek betrokke.
5.5 Die kinders het **heen en** ___ geloop om kos te soek.
5.6 Hulle het baie **lief en** ___ gedeel.
5.7 **Man en** ___ het gevlug na die aanval.
5.8 Almal het gehoop dat daar **vroeër of** ___ **rus en** ___ sou wees.
5.9 Hy **wik en** ___ of hy mediese hulp moet aanvaar.
5.10 Almal praat **land en** ___ oor die vertoning.

**5. Vorm samestellings van:**

| | | |
|---|---|---|
| volk + lied ___; | treffer + lyste ___; | plakker + kamp ___; |
| eet + tyd ___; | skip + kaptein ___; | land + vlag ___; |
| stad + lewe ___; | kind + dae ___; | lewe + lank ___; |
| lewe + geskiedenis ___; | nooi + van ___; | sterf + uur ___ |

**7. Skryf telkens die onderstaande afkortings in woorde.**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| a.g.v. ___; | asb. ___; | bv. ___; | d.i. ___; | d.w.s. ___; |
| ens ___; | Febr. ___; | geb. ___; | i.p.v. ___; | i.v.m. ___; |
| i.v.m. ___; | lg. ___; | m.a.w. ___; | nl. ___; | o.a. ___; |
| oorl. ___; | p.d. ___; | vlg. ___; | v.d. ___; | t.o.v. ___ |


**8. Stel die vrae waarvan die onderstreepte gedeeltes die antwoord is.**

8.1 Hulle het in **<u>'n plakkerskamp</u>** gewoon.
8.2 Sy musiek het **<u>die lewens van die jeug van die plakkerskamp</u>** uitgebeeld.
8.3 **<u>Rastafarianisme</u>** was baie gewild.

8.4 Die liedjies gaan **oor bevryding**.
8.5 Bob Marley is na **Zimbabwe** genooi.
8.6 **President Mugabe** het hom genooi.
8.7 Bob Marley is **aan kanker** dood.
8.8 Emmanuel is **in 1945** gebore.
8.9 Die rebelle het die kinders **Euthiopië toe** geneem.
8.10 Baie kinders is **van honger en dors** dood.




**ASSESSERING:** Jy en jou maat kan mekaar se werk aan die hand van die opvoeder se memorandum assesseer.



**RESENSIE VOORAFKENNIS:**

- Die inhoud moet die belangstelling van die leser wek.
- Dit moet genoeg feite bevat om die leser te oortuig en standpunt in te neem.
- Daar moet 'n gevolgtrekking of samevatting van die produk geskryf word.
- Daar moet in die derde persoon geskryf word om 'n mate van objektiwiteit te handhaaf.




**OPDRAG:**
**Kies 'n CD, 'n liedjie, of 'n fliek en skryf 'n kort resensie daaroor. Gee al die besonderhede oor die CD, liedjie en die kunstenaar en spreek jou mening daaroor uit. Hierdie skryfstuk kan vir jou portefeulje gebruik word.**



**ASSESSERING:** Die opvoeder gaan dit as volg assesseer:

| | SWAK | GEMIDDELD | GOED | UITSTEKEND |
|---|---|---|---|---|
| | 1 | 2 | 3 | 4 |
| INHOUD | | | | |
| FEITE | | | | |
| GEVOGTREKKING | | | | |
| TAALGEBRUIK | | | | |
| STYL | | | | |
| TOTAAL: | | | | (20) |